PROF DR P J T KOEKEMOER

SELF-MOORD

SELFMOORD

Prof dr PJT Koekemoer

Kital

© Kital
Posbus 460, Pretoria 0001
Eerste uitgawe, eerste druk 1983

ISBN 0 7986 0944 3

Geset, gedruk en gebind deur Gutenberg Boekdrukkers, Pretoria-Wes

Inhoudsopgawe

Voorwoord

1. Ter inleiding: Selfmoord 'n hoogs gekompliseerde probleem 1

2. Afdeling A: Sosiologies-psigologiese aspekte ten opsigte van die verskynsel "selfmoord" 4

2.1 *Algemene sosiologiese faktore* 4
2.2 *Verstedeliking* 5
2.3 *Wie pleeg selfmoord?* 7
2.4 *Belangrike sielkundige oorsaaklike faktore:* 8

2.4.1 Spanning 8

2.4.1.1 Depressie 8
2.4.1.2 Tussenpersoonlike verhoudings 10
2.4.1.3 Mislukking en verlies van die selfbeeld 11
2.4.1.4 Innerlike konflik en endogene depressie 11
2.4.1.5 Gevoelens van sinloosheid en hopeloosheid 12

2.4.2 Ambivalente (teenstrydige) gevoelens 12
2.4.3 Wat leer vooraf-mededelings en nagelate notas? 13
2.4.4 Die mag van suggestie (Massamedia) 14

2.5 *Onwaarhede (mites) omtrent selfmoord* 17
2.6 *Voortekens van 'n beplande daad van selfmoord: Kan ons dit uitken?* 19

2.7 *Krisis-ingryping (Onmiddellike hulp)* 21

2.7.1 Bydraende faktore in voorgeskiedenis word opgespoor 21
2.7.2 Die taak van 'n krisiskliniek 22

3. Afdeling B: Die kerk oor selfmoord: 'n Christelik-etiese visie 25

3.1 *Wat leer die Heilige Skrif?* 25

3.1.1 Selfmoordgevalle in die Bybel 26
3.1.2 Lewe as gawe van God en eerbied vir die menslike lewe (Die sesde gebod: "Jy mag nie doodslaan nie") 31
3.1.3 Die leer van die kerk (Heidelbergse Kategismus) 34
3.1.4 Die mens as beelddraer van God 37

3.2 *Kerklike perspektiewe* 38

3.2.1 Allereers die Woord (Lewe as gawe én roeping) 38
3.2.2 Kerklike stemme uit die verlede en die hede 39
3.2.3 Moontlike riglyne vir die kerk in die bekamping van die probleem van selfmoord 41

3.2.3.1 Realisering van die betekenis van die "gemeenskap van die gelowiges" in ons kerklike lewe 42
3.2.3.2 Herstelling van die "amp" van die "algemene priesterskap van élke gelowige" (Die héle gemeente moet betrek word) 45
3.2.3.3 Verskerpte bewoënheid in die amptelike dienswerk van predikante, ouderlinge en diakens as geroepe dienaars en dienaresse van Jesus Christus 49

3.2.3.4 Kerklike gespesialiseerde "verwysingsdienste" as hulpdiens vir die pastoraat 53
3.2.3.5 Die "Pastorale Verwysingsdiens" van die Ned Herv Kerk 54
3.2.3.6 Die NG Kerk en die Gereformeerde Kerk 57

4. Bylaag: Selfmoordstatistiek in die RSA (enkele gegewens) 60

Voorwoord

Individue en rade van die kerk het dit al meer en meer noodsaaklik geag dat daar 'n publikasie sal verskyn wat voorligting kan gee oor die baie sensitiewe onderwerp, *selfmoord*.

Enige outeur wat sy pen aan sodanige onderwerp waag, moet dadelik besef dat dit 'n baie sensitiewe onderwerp is. Die skrywer moet die onderwerp só hanteer dat eerlike voorligting enersyds gegee word, sonder om andersyds lesers se beskouing oor hulle eie lewe negatief te beïnvloed.

Prof Koekemoer het uitmuntend goed daarin geslaag om die sensitiewe onderwerp eerlik en simpatiek te hanteer, en veral dan om die volgende redes:

- Hy wys nadruklik daarop dat die selfmoordenaar-in-wording gehelp kan word. U wat moontlik met die gedagtes van die nutteloosheid van u eie lewe worstel, moet die boek lees. U sal ontdek dat u gehelp kan word.
- Hy vernietig baie van ons verkeerde standpunte in die boek. Elke mens van die gemeenskap sal met die lees van die publikasie 'n nuwe perspektief oor wat waar en wat onwaar in verband met selfmoord is, daarop nahou.
- Die skrywer laat alle dissiplines praat. Oor 'n komplekse saak kan ons nie net na een of na enkele dissiplines luister nie.
- Wie die boek gelees het, sal besef dat dit betekenis het vir die selfmoordenaar-in-wording en vir die persone wat gewoonlik om hulp genader word oor selfmoordneigings. Ons noem hier byvoorbeeld predikante en die deursnee-mens op wie se lewenspad sodanige mense kom.

- Die publikasie spreek elke mens, en veral die kerk aan om weg te breek van verwronge en oordrewe individualiteit en om die moordende eensaamheid met alle mag te probeer onderskep. Die groot waarde van die boek lê in die appèl tot elke mens om met 'n opregte gemeenskapsgevoel te leef.

Prof Koekemoer word bedank vir en gelukgewens met hierdie publikasie.

Ds JC de Lange
Pretoria
November 1982

Voorsitter,
Raad van Voorligting insake
Maatskaplike Vraagstukke,
Ned Hervormde Kerk

1. Ter inleiding: Selfmoord 'n hoogs gekompliseerde probleem

Ons is diep onder die indruk van die feit dat die getal selfmoordgevalle in ons land besig is om toe te neem; nie alleen by volwassenes in die middeljare nie, of by jongmense wat worstel met die lewensvraagstukke wat so eie aan die adolessensie is nie, maar selfs ook by hoërskoolkinders in die stormagtige jare van die puberteit. Enigiemand wat kennis dra van die naamlose leed wat ouers, broers, susters en selfs hele huisgesinne moet verduur nadat so 'n treurspel (dikwels totaal en al onverwags) plaasgevind het, stel die een groot vraag: Kon dit nie dalk verhoed gewees het nie? Al meer en meer gesinne, mense wat gedink het dat húlle nooit by sulke sake betrokke sou raak nie, staan hartverskeurend by die naakte werklikhede van die selfmoord van 'n dierbare. Die koerante vertel daagliks hierdie hartseerverhale aan die lesers. (Sien statistiek in bylaag).

Reeds in 1965 het die Wêreldgesondheidsorganisasie beweer dat uit elke 100 000 mense daar twintig is wat jaarliks die hand aan eie lewe slaan. In die industriële lande tel selfmoord selfs onder die eerste tien doodsoorsake. Pogings tot selfmoord is volgens skatting dálk tien maal meer as dié wat met die daad geslaag het. Niemand sal egter presies kan weet hoeveel mense sulke pogings aanwend nie, omdat dit nêrens op rekord sal staan nie; dit word gewoonlik so ver as moontlik geheim gehou vanweë die stigma wat daaraan kleef. Wie sou verder kon raai hoeveel mense rondloop met sulke gedagtes in hulle kop as 'n manier om van hulle probleme ontslae te raak. Sommige dreig wel openlik

om daartoe oor te gaan, terwyl andere diep in hulle gemoed, sonder om te praat, met sulke gedagtes in die geheim besig is. Die vraag word dus al hoe meer brandend: Wát kan en behoort gedoen te word om hierdie onnodige en nuttelose vernietiging van kosbare menselewens te stuit? Is dit nie hoog tyd, so word gevra, dat die héle gemeenskap betrokke moet raak by 'n poging om 'n helpende hand betyds na diegenes wat hulle op hierdie pad bevind, uit te steek nie? Moet die staat, kerk, skool, handel, nywerheid, ensovoorts nie álle kragte in hierdie verband koördineer nie? Ten opsigte van hierdie probleem wil ons onder andere die vraag stel: Wat behoort die houding van die kérk te wees? Vanselfsprekend sal die kerk prinsipieel moet sê hoedanig 'n mens se lewe voor God die Skepper van die lewe gesien moet word. Beginseluitsprake alleen is egter nie genoeg nie. Prinsipiële besinning moet wel voorop staan, maar daarby kan dit nie gelaat word nie. 'n Saak van die hárt moet ook 'n saak van die hánd word; die gelóóf moet uitloop op 'n dáádwerklike hulpverlening, op pastorale sorg, en (waar nodig) ook op diakonále sorg. Daarom wil ons later handel oor die vraag: Hoe sien die kerk selfmoord as verskynsel in ons (moderne) samelewing, en wat kan en behoort die kérk te doen? Die kerk sal in sy soeke na 'n antwoord op hierdie komplekse probleem ook kennis moet neem van die studie van die sogenaamde "menswetenskappe": Psigologie, Psigiatrie en Sosiologie.

Teoloë, sosioloë, psigoloë, wysgere en soveel ander vakwetenskaplikes het probeer antwoord gee op die vraag wat presies daartoe aanleiding gee dat 'n mens so ver gaan om die sterkste drang in hom of haar, die lewensdrang, te vernietig. Diepsinnig het sekere sielkundiges gesê dat die sluimerende "doodsdrang" wat daar in die mens skuil kan "ontwaak", om dan die mens in hierdie blykbaar onkeerbare dwanghandeling in te forseer (Freud). Of dit so is, laat ons daar. Wat ons wel met sekerheid weet, en die ervaring het ons ook baie geleer, is dat dit nie só eenvoudig is om slegs een enkele faktor aan te dui as die eintlike oorsaak nie. Daar is gewoonlik 'n hele kompleks van faktore wat oorsaaklik saamgevloei het totdat op 'n goeie dag iets

gebeur het, iets soos die spreekwoordelike laaste strooitjie wat die kameel se rug gebreek het.

Watter faktore sou wel 'n rol kan speel om die mens hierdie afgrond in te voer? As dit geïdentifiseer kan word, is daar reeds ver gevorder. Ons sal dus moet kennis neem van die studieresultate van veral psigoloë, psigiaters en sosioloë.

2. Afdeling A: Sosiologies-psigologiese aspekte ten opsigte van die verskynsel "selfmoord"

2.1 **Algemene sosiologiese faktore**

Selfmoord is 'n verskynsel wat merkwaardig verskil van gemeenskap tot gemeenskap. Hongarye is die land met die meeste selfmoordgevalle ter wêreld: 38,4 per 100 000. Ander Westerse lande wat genoem kan word is Tsjeggo-Slowakye, Finland, Oostenryk en Swede met 'n syfer van 20 per 100 000. Die VSA en Kanada tel 12,7 per 100 000. Mexiko, Nieu-Guinee en die Filippynse Eilande kan gelukkig genoem word; daar staan die syfer op so min soos 1,1 per 100 000. Die inwoners van die westelike woestyngebiede in Australië ken hierdie verskynsel nie, waarskynlik as gevolg van hulle algemene uitermate groot vrees vir die dood (Kidson en Jones, 1968). Blanke RSA 12,4 (sien bylaag).

Godsdienstige beskouings van gemeenskappe ten opsigte van die dood is waarskynlik belangrike bepalende faktore by selfmoord. Dit is byvoorbeeld bekend dat beide die Rooms-Katolieke en Arabiese wêreld die pleeg van hierdie daad sterk veroordeel en gevolglik 'n korresponderende lae syfer toon. Trouens, die meeste gemeenskappe staan sterk afkeurend teenoor selfmoord, ook in Suid-Afrika. Japan is een van die hoë uitsonderings waar die gemeenskap "harakiri" (selfmoord) onder sekere omstandighede goedkeur. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het groot getalle Japanners selfs massaselfmoord gepleeg eerder as om te val in die hande van die geallieerde magte. In Japan is

ook die "kamikaze" bekend; dit is die heldedaad wat verrig word wanneer 'n Japannese loods sy vliegtuig willens en wetens laat ontplof op vyandelike oorlogskepe, soos in Wêreldoorlog II. Dit is 'n offer vir die vaderland en daarom 'n heldedaad. (Vergelyk ook die Boeddhistiese monnike en nonne wat hulleself aan die brand gesteek het by wyse van protes in Viëtnam).

Sosiale norme is egter nie die enigste maatstawwe wat in hierdie verband 'n rol speel nie. Daar is met sekerheid vasgestel dat faktore soos geslag, ouderdom en beroep belangrike determinante is. Die pionier onder die navorsers wat sosio-kulturele faktore bestudeer het, is die Franse sosioloog, Emile Durkheim. Hy het reeds in 1897 vasgestel dat groepsbande onder andere 'n uiters belangrike rol speel in die verhindering van selfmoord. *Hoe sterker 'n mens se verbintenisse met jou gesin, familie, vriendekring en volk is, hoe sterker sal jy teenoor hierdie manier van soeke na die oplossing van jou probleme staan. Dit kan vandag net so aanvaar word.* Juis daarom is selfmoord 'n verskynsel wat meestal gevind word by alleenlopendes, by geskeides en by hulle wat kerklik nie aan ander gelowiges gebonde is nie en oor die algemeen geen deel aan die lewe van die gemeenskap wil hê nie. Selfmoord is verder, volgens Durkheim en andere, 'n verskynsel wat veral in tye van wetteloosheid en normloosheid woed en wanneer die tradisionele standaarde en verwagtinge van gemeenskappe verswak word, byvoorbeeld in tye van ekonomiese depressie en na neerlae in oorloë. Dit is merkwaardig dat die syfer gedúrende oorloë besonder laag is. Hy verklaar dit so dat in die hitte van die oorlog die nasie sterk verenig is in een gemeenskaplike doel om te bereik. Die individu word in hierdie saamwees opgeneem en as 't ware teen selfvernietiging beskerm.

2.2 **Verstedeliking**

In die jaar 1890 het slegs 1,4 persent van die mensdom in groot dorpe en stede van meer as 20 000 inwoners gewoon. Tien jaar later het die syfer tot 21 persent gestyg. Demograwe bereken

vandag dat oor minder as sewentig jaar verder (2050 nC), ongeveer 90 persent van alle mense op die wêreld in stede sal woon! Dit word algemeen aanvaar dat die onpersoonlikheid, koudheid en hardheid van 'n groot stad, gepaard met sy gejaagdheid, spanninge en allerlei meedoënlose aanslae teen die lewe, die mens letterlik en figuurlik in 'n hoek kan jaag; miskien die hoekie in die sitkamer van 'n woonstel êrens in die beton-oerwoud van 'n Hillbrow. Dit is hier waar die mens een van sy grootste vyande op die lyf kan loop: eensaamheid! 'n Mens dink byvoorbeeld aan die groot getal alleenlopende persone wat hier daagliks hulle weg moet vind. As die werksdag verby is, moet hierdie mense as enkelinge die vrye tyd van die lang aandure tegemoet tree. Waarmee sal hulle dáár besig wees? Met die televisie, élke aand? In die "disco" totdat hy siek en sat en lewensmoeg homself daar uitgewoed het? Dit is juis hier in hierdie "oerwoud" waar so 'n eensame baie dikwels 'n "lewensmaat" raakloop; iemand wat in baie gevalle maar 'n klein tydjie van die lewe 'n werklike máát wil wees om dan weer verder te wil voortgaan na die volgende "maat" toe. "Saamboerdery!" Geen stabiliteit nie en alles staan op losse skroewe. Geen sekerheid oor die dag van môre nie. Doof vir die veraf geluid van Sondag se kerkklokke! Eensaam, verskriklik eensaam tussen duisende mense . . . en so sou ons kan voortgaan. Die mens wat hier staande wil bly – en daar is nog van hulle wat 'n pragtige voorbeeld stel – moet ankers hê. Wat is hierdie ankers en wat kan gebeur as 'n skip sy anker verloor? Dis gewoonlik hierdie mens wat 'n toevlug gaan soek op plekke en in dinge wat geen ware toevlug is nie. Drank verdof die lewensproblematiek slegs vir 'n paar uur. Verdowingsmiddels neem die mens op 'n "trip" om hom/haar stadig maar seker in 'n afgrond af te stort. Dit kán "die pad van die dood" word, inderdaad!

Sosioloë en psigoloë het uit die data wat hulle oor die probleem van selfmoord kon versamel, tot die gevolgtrekking gekom dat dit *meer 'n stedelike as 'n plattelandse probleem* is. Bevolkingsdigtheid (oorbevolking) speel beslis 'n belangrike rol. Alhoewel 'n muur met slegs die dikte van een enkele baksteen woonstelbewoners skei, ken hulle mekaar gewoonlik nie en het

die een met die ander niks te doen nie. Gewoonlik nie! – Delend in mekaar se vreugde? Nee! Delend in mekaar se smart? Ook nee!

2.3 Wie pleeg selfmoord?

Verskillende studies het onder andere die volgende vasgestel: Die meeste selfmoorde vind plaas tussen 24 en 44 jaar, drie keer meer mans as vroue voer die daad end-uit deur en baie meer vroue as mans wend pogings aan om hulle eie lewe te neem. Opvallend is dat die meeste van hierdie mense se probleme op die vlak van tussenpersoonlike verhoudings lê. In die reël het daar *belangrike persoonlike verhoudings* tussen hulle en ander mense, baie dikwels geliefdes, nabye familie (ouers), maar ook werkgewers, radikaal verkeerd geloop. Verder word die daad omtrent altyd gepleeg in 'n atmosfeer van *geweldige spanning en depressie*. Gedurende die laaste jare het daar egter volgens hedendaagse studies, sekere veranderinge in die patroon gekom. Die getal weduwees wat hiertoe oorgaan word groter (Suter, 1976), maar beslis ook die getal kinders (Klagsbrun, 1976). Deesdae vind die meeste selfmoorde plaas in die ouderdomsgroep 15 tot 24 jaar. Laasgenoemde groep het in vyftien jaar verdubbel! Daar word selfs gepraat van "epidemiese afmetings" wat hierdie probleem onder die jeug aanneem. Dit lyk ook asof een so 'n daad die volgende een stimuleer. Merkwaardig is die feit dat hierdie jeug wat tot so 'n daad oorgaan, nie in die eerste plek uit huise kom waar armoede heers nie. In 1978 het 'n studie oor selfmoord onder die jeug van New Jersey en Columbia (VSA) verskyn, waaruit dit duidelik blyk dat ekonomiese faktore nie oorsaak nommer een kan wees nie. Dit klink byna teenstrydig om te beweer dat juis bevoorregte jongmense aan universiteite onder die mees kwesbare groepe ressorteer. Dit is egter so omdat gesamentlike spanningsfaktore van akademiese eise, sosiale aanpassing en loopbaankeuse belangrike oorsaaklike faktore blyk te

wees. Van die ongeveer 100 000 studente wat jaarliks in die VSA pogings tot selfmoord aanwend, is nagenoeg 1 000 fataal (Coleman, Butcher en Scott, 1980). Onder studente en leerlinge vind hierdie daad gewoonlik aan die begin of einde van 'n semester/kwartaal plaas.

Ander groepe waar die risiko van selfmoord groot is, kan soos volg geklassifiseer word: Depressiewe mense, alkoholiste, geskeide mense en alleenlopendes. Merkwaardig genoeg staan sekere professies ook voor in die ry, soos mediese dokters, tandartse, prokureurs en psigoloë.

2.4 Belangrike sielkundige oorsaaklike faktore

2.4.1 Spanning

In 1975 het die navorsing van Paykel, Prusoff, Myers en ander ondersoekers aan die lig gebring dat daar in die maand wat die selfmoord voorafgaan, sekere spanningsfaktore baie sterk aanwesig is. Hierdie faktore kan geïdentifiseer word as tussenpersoonlike verhoudings wat skeefgeloop het, mislukkings op verskeie ander gebiede (studie, werk), devaluering van die selfbeeld en aanslae op 'n lewensbeskouing waar sin en betekenis van die lewe nog voorop staan; alle dinge het sinloos begin word, ook die lewe self.

Onder die *spanningsfaktore* kan (kortliks) die volgende van baie groot belang wees:

2.4.1.1 *Depressie*

Sonder enige twyfel is vasgestel (Zung en Green, 1974) dat nie minder nie as nagenoeg driekwart van al hierdie mense tydens die daad depressief was. Ongelukkig is dit so dat gedurende tye van groot spanning die redelikheid van denke verswak word en selfs kan verdwyn. 'n Depressiewe persoon is emosioneel nie daartoe

in staat om realistiese alternatiewe oplossings vir 'n moeilike probleem raak te sien en te oorweeg nie. Twee ondersoekers (Farberow en Litman, 1970) het gesê: "Die denkproses is dan slegs beperk tot die punt waar die mens geen ander uitweg kan vind uit sy moeilike toestand nie as net selfmoord".

Wanneer ons die aandag op depressie as oorsaak vestig, moet ons nie aan "normale" depressiewe tye dink, waarvan elke mens kennis dra nie. Wat hier ter sprake kom, is neurotiese depressies wat tot *psigotiese toestande* kan ontwikkel. Hiermee bedoel ons dat dit bloot normaal is dat 'n mens dae sal ken van mismoedigheid, 'n gevoel van hopeloosheid en droefheid. Dan kan die individu egter nog aanpassings maak sonder die hulp van gespesialiseerde mense, soos byvoorbeeld sielkundiges en psigiaters. Dit is egter 'n baie moeiliker saak wanneer 'n persoon se depressiewe toestand so neuroties begin word dat hy/sy kontak met die werklikheid van hulle probleme en die werklikhede rondom hulle begin verloor. Die neurotiese depressie behels meer as die "normale" reaksies van 'n mens, byvoorbeeld in droefheid, teleurstellings en terugslae wat van 'n uiteenlopende aard mag wees. Uit sulke toestande kom 'n mens gewoonlik weer uit; ons sê dit is "normaal". Die saak word egter ernstig sodra hierdie neurotiese depressie progressief begin oorgaan in psigotiese depressie. Dit gebeur wanneer die hele persoonlikheid van die betrokkene as 't ware in 'n kookpot beland en die afstand tussen die werklikheid van elke uur en die betrokkene se optrede al groter en groter word. Die eerste fase van hierdie depressie kom tot uiting in die verlies van alle entoesiasme en 'n algemene afname in psigiese en fisiese energie en aktiwiteit. Die mens voel neerslagtig, ontmoedig en bly in hierdie toestand. Werk en ander doenighede verg 'n geweldige inspanning en is vir hulle nie meer die moeite werd nie. Gevoelens van onwaardigheid, waardeloosheid (minderwaardigheid), mislukking, sondigheid en skuld oorheers hierdie mens se stadige gedagtegang. Hulle stel ook nie meer in kos belang nie en verloor daarom gewig. Dit is in hierdie tyd dat gedagtes van "verlossing" deur middel van selfmoord begin posvat. Die persoon se bewustheid van wat om hom/haar

gebeur is egter nog nie verduister nie; hulle wéét nog heel goed van alles om hulle en is nie werklik gedisoriënteer nie. Baie van hierdie mense het nog insig in hulle toestand en besef gewoonlik ook dat hulle gehelp moet word. Sodra hierdie algemene toestand egter akuut begin word, kry ons 'n oorgang in die tweede vorm van depressie, naamlik *"akute depressie"*. Dan word alles in die lewe vir hulle steeds erger en erger. Hierdie mense word totaal en al onaktief en vermy ander mense, praat nie en is traag om op enigiets te antwoord. Hulle stap soms handewringend op en af of bly gewoonweg sit. Hulle het dikwels 'n verskriklike skuldgevoel vanweë een of ander gewaande oortreding. Hulle gemoedstemming is radikaal morbied en naderhand begin hulle "glo" dat hulle liggame deur een of ander siekte verteer word. Hulle sien geen hoop op enige verbetering in hulle toestand nie. Daar is net een manier om van hierdie las ontslae te raak, so dink hulle: pleeg selfmoord!

Die derde of uiterste fase van depressie (Engels: *"depressive stupor"*) is 'n baie ernstige graad van aftakeling van alle psigiese aktiwiteite. Die persoon antwoord niks meer nie en is totaal en al onaktief. Hulle bly lê gewoonlik op die bed, wil glad nie eet nie, is radikaal gedisoriënteer oor waar hulle is en selfs wie hulle is. Verskriklike hallusinasies is aan die orde van die dag; hulle sien dinge wat nie bestaan nie. Hierdie mense word inderdaad 'n gevaar vir hulleself en moet beslis gehospitaliseer word. Moderne mediese middels kan met sukses aangewend word.

2.4.1.2 *Tussenpersoonlike verhoudings*

Dit is verder bo alle twyfel vasgestel (Coleman, Butcher, Carson, 1980) dat hierdie mense se *menseverhoudings* êrens in die krisis gewoonlik 'n belangrike rol speel. Wanverhoudings wat tot uitdrukking kom in egskeidings, verlatings, afsterwe van 'n geliefde, opsegging van 'n liefdesverhouding tussen ongetroudes en so meer, mag uitloop op 'n geweldige spanning met selfmoord tot gevolg. Hierdie tussenpersoonlike problematiek kan boonop nog geaktualiseer word deur 'n kombinasie van verskeie faktore bo en

behalwe die basiese gevoel dat jy verwerp is, faktore soos frustrasie en aggressie. Hulle voel dat hulle in die steek gelaat is, verlaat is. Daarom reageer hulle met hierdie gevoelens van frustrasie en selfs woede. Hulle wens in die geheim om wraak te neem en hulle te onttrek uit die kookpot van gebroke verhoudings. Dan staan selfmoord voor die deur, indien die persoon se probleem nie geïdentifiseer word en hy/sy spoedig deskundige hulp ontvang nie. Verder kan 'n persoon ook selfmoord oorweeg wanneer hy/sy byvoorbeeld 'n geliefde deur die dood verloor het, 'n geliefde van wie hulle emosioneel totaal en al afhanklik was. Daarom is emosionele selfstandigheid in elke mens se lewe van die allergrootste belang.

2.4.1.3 *Mislukking en verlies van die selfbeeld*

Konsensieuse en harde werkers, mense wat vir hulleself hoë ideale stel, kan in 'n put van pessimisme beland wanneer hulle vind dat hulle nie daarin geslaag het om aan hierdie ideale te voldoen nie. Hulle is gewoonlik gerespekteerde mense en het hoë aspirasies. Loop sake verkeerd in die verwesenliking van hulle planne, kry hulle selfbeeld so 'n geweldige knou dat hulle dit nie kan verwerk nie. Die uitweg uit hierdie verskriklike teleurstelling is al te dikwels . . . selfmoord!

2.4.1.4 *Innerlike konflik en endogene-depressie*

Hier lê die oorsprong van die spanning nie in tussenpersoonlike verhoudings wat geproblematiseer is nie, nie in die verlies van die selfbeeld as gevolg van mislukkings nie, maar in 'n *innerlike konfliksituasie inherent in die persoon se gemoedslewe.* Ons kan hier as tipiese voorbeelde daardie gevalle noem waar mense met 'n terminale siekte soos kanker worstel. Die vraag of die lewe onder hierdie omstandighede nog die moeite werd is, word 'n vaste deel van hulle hele lewe. Hulle land in depressiewe toestande waarin selfmoord 'n uitkoms skyn te wees. *Endogene-depressie* kom dus van binne.

2.4.1.5 *Gevoelens van sinloosheid en hopeloosheid*

Verskeie navorsers het tot die oortuiging gekom dat daardie gemoedstoestande waarin die mens geen hoop meer het nie, hier 'n oorheersende faktor is. Die mens voel hopeloos, dit wil sê los van alle hoop (Boss, 1976). Hulle sien geen sin meer in die lewe nie en alles het eenvoudig doelloos geword. Vir watter doel moet hulle dan nog lewe? Daarom word alle pogings om te volhard vaarwel gesê en 'n uitvlug uit die lewe met sy probleme gesoek. Hierdie gevoelens kan oorsaaklik gevind word in uiteenlopende situasies: Terminale of ander ernstige siektes, oordrewe skuldgevoelens, ernstige finansiële terugslae, verlies van 'n mens se sosiale status, tronkstraf en ander vernederende of skandelike situasies waarin 'n mens kan beland.

2.4.2 **Ambivalente (teenstrydige) gevoelens**

Behalwe die reeds genoemde aspekte van die spanningsituasie, is daar ook nog ander belangrike faktore werksaam in die gemoed van hierdie mense. Omdat die oorgrote meerderheid van hierdie persone mislukte pogings aanwend om hulleself te vernietig, het navorsers in hulle ondervragings van diegene wat die daad oorleef het, baie belangrike inligting bekom. Ons moet hier kortliks wys op die graad van intensiteit in hulle optrede, dit wil sê die vraag hoe doelbewus die persoon eintlik is. Wil hy/sy wérklik dood wees? Hamlet se woorde "to be or not to be", is hier van toepassing. Daar is drie groepe van mense:

EERSTENS, die "to be"-groep. Dit is die groep wat nie werklik wil sterf nie. Hulle wil eintlik die boodskap aangaande hulle verwarring en hulle oorweging van selfmoord op dramatiese wyse aan hulle mense oorbring. Daarom drink hulle nie genoeg tablette nie of sny slegs 'n slagaar af, sodat hulle nog gehelp kan word. Hulle beplan die dood sódat ander mense hulle nog sal kan help. Suter het in 1976 vasgestel dat ongeveer twee-derdes van alle selfmoorde tot hierdie "to be"-groep behoort; hulle intensie (planne) is *om nog daar te wees* (to be); hulle wil eintlik nog léwe.

TWEEDENS is daar die "not to be"-groep. Hulle is diegenes wat willens en wetens van plan is om 'n definitiewe einde aan die lewe te maak. *Slegs drie tot vyf persent van alle selfmoorde val in hierdie kategorie.* Hulle maak baie seker van hulle saak, sodat hulp nie betyds sal kan opdaag nie. Derhalwe verkies hulle vuurwapens en uitspring uit baie hoë geboue. Daarom is dit so uiters moeilik om voorkomingsmaatreëls in hierdie gevalle toe te pas (Rainolds en Farberow, 1976).

DERDENS is daar die "to be or not to be"-groep wat ongeveer 30 persent van die selfmoorde uitmaak. Hulle is ambivalent omtrent die dood, dit wil sê hulle houding is tweevoudig in 'n heel bepaalde sin. Hulle wil dood wees en tog wil hulle ook nie dood wees nie! Hulle houding is dus ongeveer so: "As ek dood is, het ek geen probleme meer nie, en as ek gered word, dan moet dit seker ook maar goed wees". In 'n studie wat Rosen in 1970 gemaak het, toe hy nie minder nie as 886 mense wat probeer het om hulleself om die lewe te bring ondervra het, het hy tot die konklusie gekom dat *slegs 21 persent van hierdie mense wérklik dood wou wees,* terwyl 79 persent eintlik nog wou lewe. Verder het hy vasgestel dat in die eerste jaar direk na die poging, die getal van diegenes wat ernstig in hulle eerste poging was, in hulle tweede poging nie minder as verdubbel het nie!

2.4.3 Wat leer vooraf-mededelings in nagelate notas?

Dit is ongetwyfeld 'n totaal en al foutiewe mening wat te veel mense nog daarop nahou, naamlik dat diegenes wat dreig om selfmoord te pleeg dit tog nooit sal doen nie! Daar is vasgestel (Rudestam, 1971) dat *minstens sestig persent van die mense wat met hierdie daad dreig, wél daartoe oorgaan,* terwyl nog twintig persent indirekte mededelings maak. (Dit moet toegegee word dat kulturele faktore hierdie persentasie so kan beïnvloed dat dit in verskillende kulture merkbaar kan wissel). Of die mededelings direk of slegs indirek gedoen word, een ding is seker: hierdie mededelings is 'n *roep om hulp!* Hierdie waarskuwings is uit-

roepe: "help my!" Ongelukkig word hierdie geroep al te dikwels ligtelik en skepties begroet. Baie mense wat selfmoord in die geheim oorweeg, is van mening dat die lewe tog na alles die moeite werd kan wees as hulle maar net verstáán kan word! Kry hulle egter nie hierdie kommunikasie en bystand nie, gaan hulle tot die daad oor. Selfmoordbriefies wat gewoonlik in die onmiddellike omgewing van die persoon gevind word, dui daarop dat die meeste gewoonlik nog wel samehangend kon dink in die krisis. Ongeveer die helfte van 742 nagelate notas (Tuckman en andere, 1959), vir sover dit die emosionele inhoud daarvan betref, dui op 'n sekere positiewe houding in die sin van liefde wat betuig word, spyt oor die leed wat hulle aan geliefdes gedoen het deur op so 'n manier te sterf; ja hulle is selfs nog oor andere begaan! Merkwaardig is die feit dat slegs ses persent van hierdie nagelate briewe 'n negatiewe en vyandige houding en selfs verwensings openbaar. 'n Kwart van genoemde briewe is ongeveer "neutraal" in dié sin dat nòg liefde nòg aggressie daarin weerspieël word.

OPMERKING

Wat hierdie nagelate briewe betref, staan een saak soos 'n paal bo water: Selfs dáárin bevind ons tog nie die werklik omvattende en diepgaande opklaring van hierdie verskriklike geheimenisvolle gebeure wat daar op die rand van die afgrond afspeel nie, van dít waarmee al die agtergeblewenes vir die res van hulle lewe sal worstel nie: Waarom het hy/sy dit tog gedoen?

2.4.4 **Die mag van suggestie (Massamedia)**

Prof Izak van Tonder van die Universiteit van die Noorde het ons aandag gevestig op 'n resente studie wat gepubliseer is in die Mei-uitgawe van die *American Journal of Sociology* (1982), uit die pen van dr DP Philips van die Universiteit van California. Hierdie publikasie is van groot belang, aangesien dit baie belangrike

sistematiese getuienis verskaf wat onmiskenbaar daarop dui dat fiksionele TV-karakters wel 'n sterk nabootsende invloed kan hê. Dr Philips het reeds in 1974 opgemerk dat selfmoorde, sterftes in een-voertuig-motorongelukke, asook nie-noodlottige ongelukke, deur die bank 'n stygende tendens toon kort na vertonings van die sogenaamde "soap operas" in die VSA. Vroue-selfmoorde neem proporsioneel meer toe as dié van mans; ongelukke waarin slegs een motorvoertuig betrokke is (en dus op nabootsing kán dui), neem meer toe as die gewone alledaagse botsings van twee of meer voertuie. Sy statistiese (gekontroleerde) data dui onmiskenbaar op die volgende:

2.4.4.1 *Koerantberigte*

- Nadat koerantberigte (dus nie-fiktief) oor selfmoordgevalle gepubliseer was, ontstaan 'n toename van sterfgevalle in ongelukke waarin slegs een motor betrokke is. (Bedekte selfmoorde);
- hoe groter die publisiteit wat koerante aan selfmoord gee, hoe groter is die toename in selfmoord;
- die toename is erger in die geografiese area waar die koerante gepubliseer en dus meer gelees word, as in ander streke;
- sterftes as gevolg van motorongelukke waarin een motor betrokke is, neem meer toe as dié waarin twee motors in botsing was;
- beskrywings van persone in hulle spesifieke omstandighede in die koerantberigte kom merkwaardig ooreen met beskrywings van omstandighede van bestuurders van motors wat noodlottig "verongeluk" het.

Dr Philips besluit dat die impak van koerantberigte vergelyk kan word met die sneller van 'n geweer in die suggestiewe nabootsing van mense wat selfmoord gepleeg het, of wil pleeg. Sy eerste publikasie (1974) oor hierdie suggestiewe suigkrag, vir sover dit die publikasie van werklike gebeurtenisse betref, is opgevolg deur sy verdere navorsing in 1979 en 1981. Hy het beslis ook

daarmee rekening gehou om alle faktore, wat sy resultate wetenskaplik nadelig kon beïnvloed, te elimineer. Ons moet derhalwe groot waarde heg aan die resultate van Philips se navorsing.

Met die oog op hierdie betroubare gevolgtrekking waartoe Philips (en andere) gekom het, *kan ons in ons eie land wel ons pers vra om hiervan deeglik kennis te neem.* Sensasionele beriggewing met allerlei moontlike hartroerende besonderhede van byvoorbeeld die oorledene se persoonlike probleme en so meer, behoort werklik vermy te word. Nugtere en saaklike mededelings oor sulke sake behoort vanselfsprekend te wees in die etiese kode van 'n koerantman.

2.4.4.2. *Suggestiewe krag van televisieverhale*

Philips verwys by name na die gereelde Amerikaanse TV-program, die sogenaamde "soap opera". Daar is vasgestel dat miljoene Amerikaners, veral dames, hierdie programme net nie wil misloop nie. Katzman het tot die gevolgtrekking gekom dat ongeveer 40 persent van alle kykers minstens een keer per week so 'n "soap opera" volg. Navorsers soos Tucker en Nielsen het vasgestel dat baie kykers emosioneel betrokke raak by die karakters in hierdie operas en hulle inderdaad met die spelers begin identifiseer. Alhoewel Philips se statisties gekontroleerde projek eintlik eerste van sy soort is, tel bogenoemde sosioloë en psigoloë en verskeie ander onder diegenes wat ook belangrike bydraes gemaak het en onomstootlik die impak van die TV bewys het.

Met alle moontlike voorsorgmaatreëls ter uitskakeling van faktore wat Philips se projek negatief kon beïnvloed, het hy vasgestel dat:

- baie "ongelukke" waarin een voertuig betrokke was, dikwels 'n bedekte selfmoord is;
- hierdie soort "ongelukke" met 7,07 persent gestyg het kort nadat die "soap opera" gebeeldsaai is;
- nie-noodlottige ongelukke (enkel motors) waarin *ernstige* beserings voorgekom het, het egter met 14,13 persent gestyg,

terwyl die nie-ernstige ongeluksyfer nie 1 persent was nie. Hoeveel van hierdie 14,13 persent was nie mislukte pogings tot selfmoord nie?

Sonder om op verdere besonderhede van hierdie empiriese studie van dr Philips vir ons doel in te gaan, *lyk dit geregverdig om wel die suggestiewe krag van TV-programme nie te onderskat nie.* Ons wil dit stel dat ons eie SATV van hierdie Amerikaanse studiestuk kennis behoort te neem en dienooreenkomstig op dergelike stukke streng keuring toe te pas. Terloops sou ook die vraag gestel kan word hoe groot die suggestiewe nabootsende potensiaal in daardie materiaal is waar geweld nie op die mens sélf gerig is nie (sélfmoord), maar wel op ander mense. Philips en andere se studie kan inderdaad hier, ook in ons eie land, 'n leidraad vir verdere navorsing verskaf.

2.5 Onwaarhede (mites) omtrent selfmoord (soos opgestel deur Shneidman en Farberow, 1961)

2.5.1 Dit is onwaar dat persone wat met selfmoord dreig die daad nooit sal uitvoer nie. Navorsing toon dat nagenoeg agt uit elke tien persone wel daartoe oorgaan nadat hulle "gewaarsku" het. (Hierna het ons reeds verwys).

2.5.2 Dit is onwaar dat géén persoon wat oorweeg om hierdie daad te verrig, *nooit* daaroor sal praat nie. Die teendeel is waar. Ons het in voorafgaande gesien dat slegs tussen 3 en 5 persent dit geheim hou, terwyl die res direk of indirek wel hulle planne bekend maak of ten minste laat deurskemer.

2.5.3 Dit is onwaar dat hierdie mense altyd volkome gedetermineerd is om te sterf. Die meerderheid koester ambivalente (tweevoudige) gedagtes omtrent die dood: Hulle wil sterf, maar hoop tog dat in hulle spel met die dood hulle deur die tussenkoms van andere gered sal kan word.

2.5.4 Dit is onwaar dat 'n mens wat een keer selfmoord*neigings* getoon het, dit *voortdurend* sal hê. Hierdie neiging of tendens is gewoonlik van beperkte duur.

2.5.5 Dit is onwaar dat herstel na 'n selfmoord*poging* sou beteken dat so 'n poging nooit weer aangewend sal word nie. Talle selfmoorde vind plaas binne die bestek van slegs drie maande na 'n poging; dan het die persoon gewoonlik weer genoeg psigiese energie om sy morbiede gedagtes in dade te omskep.

2.5.6 Dit is onwaar dat selfmoord 'n praktyk vir slegs die rykes en die ármes is. Dit vind in élke sosio-ekonomiese laag van ons samelewing plaas.

2.5.7 Dit is onwaar dat selfmoord beslis oorerflik is. Dit het deur en deur 'n duidelike persoonlikheidsbasis.

2.5.8 Dit is onwaar dat selfmoordmense eintlik "sielsiekes" is en dat die daad *altyd* 'n psigotiese handeling is ('n handeling van 'n mens wat nie meer werklik wéét wat om hom/haar aangaan nie; dus kontak met die werklikheid verloor het). Getuienis van navorsers, soos aangedui in die ontleding van die inhoud van briewe of notas nog kórt voordat die daad gepleeg is, dui onmiskenbaar daarop dat die oorgrote meerderheid te midde van hulle onbeskryflike spanning, tog nog by hulle "verstand" is en wéét wat hulle doen.

Dit sal goed wees dat elke mens wat met 'n oop oog en oor en hart deur die lewe gaan, kennis sal neem van die feit dat goeie navorsing hierdie "gelofies" as sonder enige redelike grond bewys het.

2.6 Voortekens van 'n beplande daad van selfmoord: Kan ons dit uitken?

Teen die agtergrond en met inagneming van alles wat ons tot dusver gesê het, is dit belangrik om die "roep om hulp", die "waarskuwings" uit te ken én daarvan werk te maak. Ons het gesien dat slegs 'n baie klein persentasie (3 tot 5 persent) se graad van voorneme tot die daad so sterk is dat hulle geen spore wil nalaat wat die tussenkoms van helpers kan bewerkstellig nie. Dr Edwin Shneidman sê dat ongeveer almal tog een of ander sinspeling ("hint") maak, soms net op subtiele wyse. Hy sê verder dat die beslissing om die daad te verrig nie impulsief geneem word nie: "Selfmoord is 'n beslissing wat lank onder oorweging staan." Daarom is hy (en andere) van mening dat dit wel moontlik is om 'n potensiële geval vooraf uit te ken, "indien mens weet waarvoor jy moet oplet". Die vraag is dus: Waarvoor moet ons uitkyk? Hier geld egter ook die waarskuwing dat ons net nie so abnormaal moet word om by elke moontlike situasie van neerslagtigheid te gaan dink dat dit die eerste stasie op pad na die "eindbestemming" is nie. Ons het gewys op die feit dat élke menslike wese op die lewenspad gekonfronteer word met teleurstellings, verlies, vernederings, mislukkings en die dood van geliefdes. Dit alles kan daartoe meewerk om 'n mens depressief te maak, vir korter of langer tye. Dit is 'n normale verskynsel, veral in die eerste graad van depressiwiteit. Wanneer ons egter sindrome opmerk, 'n samevoeging van verskeie simptome wat akuut en durend word en telkens weer terugkeer, dán eers kan daar sprake van inbeweging in 'n situasie wees wat lewensgevaar inhou en waar hulp nodig is.

Die volgende simptome is van belang:

2.6.1 Alhoewel daar nie 'n algemene kenmerk is waaraan deur die bank álle gevalle uitgeken kan word nie, kan wel gesê word dat almal verward (versteurd) daar uitsien en gewoonlik ook depressief is. Hulle hoop is ten gronde, hulle lewenskoers het geen vaste rigting nie en hulle is magteloos

om iets daaraan te doen. Hulle houding kan in hulle woorde en gedrag gelees word: "Ek gaan my lewe neem!" Hulle het nog net nie besluit wanneer en op watter wyse nie. Indien die omstandighede in verband met so 'n persoon se probleme nie verander nie, sal hy weldra sy planne agtermekaar kry. Die persoon moet dus ernstig opgeneem word.

2.6.2 Nadat 'n persoon 'n mislukte poging tot selfmoord aangewend het, hoor 'n mens dikwels dat daar gesê word: "Hy/sy wou maar net aandag hê!" Dit is korrek, inderdaad wou so 'n mens aandag hê! Laat ons egter onthou: Indien hierdie persoon nie die aandag kry in die sin om gehelp te word om tot klaarheid van sy/haar probleme te kom nie, staan ons voor die onomstootlike bewys dat 79 persent (Shneidman, 1976) 'n volgende poging sal aanwend, waarskynlik 'n meer berekende een! Daarom is elke mislukte poging 'n duidelike voorteken van finale aanslag wat kan kom. Die persoon met dus gehélp word.

2.6.3 Wanneer 'n persoon finaal besluit het om tot die daad oor te gaan, sal sy doen en late "ánders" (vreemd) word. Hy sal hom terugtrek en eenkant gaan sit asof hy daar sit en mymer. Hy sal nie meer belangstel in kos nie en aan geen gesprek deelneem nie. Hy sal òf aan slaaploosheid ly of rustig slaap, hoe teenstrydig dit ook al mag klink. Slaaploosheid (insomnia) staan wel in verband met depressie, maar nie noodwendig áltyd in verband met selfmoord nie. Hy sal handel asof hy op 'n ver reis gaan. Sommige maak seker dat hulle testament in orde is en gee waardevolle artikels weg.

2.6.4 Baie dikwels kan sommige van die volgende faktore in die persoonlike geskiedenis van so 'n persoon opgespoor word (Shneidman):

- Daar was reeds aanmerklike probleme in die jare van die puberteit en adolessensie.

- Vroeë verwerping deur die vader; dit kan 'n uiters belangrike faktor in die latere lewe word.
- Verskeie egskeidings agter die rug.
- Alkoholiese verslaafdheid of misbruik van alkohol.
- 'n Onstabiele beroepsgeskiedenis; dikwels van werk verander.
- Finansiële inkomste was onegalig, op en af.
- Gesondheidsprobleme; dikwels in verband met "dispnee", dit wil sê geneigdheid tot kort-asem.
- Teleurgesteld in homself en teleurstellend vir andere.
- Afgetrokke, versteurd en oorhaastig van geaardheid.

DERHALWE: Gespesialiseerde hulp moet ingeroep word. Die persoon behoort tydens akute toestande gehospitaliseer te word vir medies-psigiatriese behandeling.

2.7 Krisis-ingryping (Onmiddellike hulp)

2.7.1 Bydraende faktore in voorgeskiedenis word opgespoor

Wat die voorkoming van selfmoord buitengewoon problematiseer, is die feit dat die oorgrote meerderheid van die mense in gevorderde depressiewe toestande nie besef dat hulle irrasioneel dink en daarom werklike gespesialiseerde hulp nodig het nie. Minder as 'n derde sal uit eie beweging hulp vra. Andere sal wel deur middel van familie en vriende onder professionele aandag gebring word. Die meeste ontvang egter nie die aandag wat hulle so uiters nodig het nie. Dit is 'n situasie wat gespesialiseerde aandag moet kry, omdat ons weet dat daar waar die "geroep om hulp" betyds beantwoord word, lewens gered word. Wat is onmiddellik nodig nadat die "waarskuwings" geïdentifiseer is

en/of 'n poging aangewend is om jou eie lewe te neem? Dit is die saak waaroor dit gaan in die sogenaamde "krisisklinieke".

Die hoofdoel van onmiddellike krisis-ingryping is om die betrokke persoon in 'n lewenskrisis te help om sy probleem te oorlééf. Indien 'n poging tot selfmoord aangewend is, moet fisiese mediese hulp voorop staan. Dit beteken nie noodwendig opname in 'n hospitaal nie, omdat baie gevalle na noodbehandeling weer ontslaan kan word.

Dit moet hier gestel word dat daar in ons land 'n groot behoefte aan "krisisklinieke" bestaan. In die VSA is daar oor die 200 "Suicide Prevention Centers" (SPC) oor die hele land versprei. Hierdie sentra is spesiaal daarop ingestel om mense deur krisissituasies te lei. Emosioneel-versteurde individue kan dag of nag hier om hulp aanklop. Die eerste sentrum is in 1958 deur die toedoen van dr Norman Farberow en dr Edwin Shneidman ingestel. Hulle het die groot behoefte in hulle land met sy 200 000 jaarlikse pogings tot selfmoord (waarvan ongeveer 26 000 slaag) geïdentifiseer en met onvermoeide ywer die uitbreiding van hierdie dienste aangemoedig. Aanvanklik het dit gegaan om die allereerste fisiese behandeling van die betrokkene, maar spoedig het die SPC met uitbreiding van fasiliteite en opleiding van personeel, spesifiek met die behandeling van hierdie tipe pasiënte begin. Dr Farberow het die taak van die SPC in vyf punte saamgevat:

2.7.2 **Die taak van 'n krisiskliniek**

2.7.2.1 Daar moet 'n goeie *vertrouensverhouding* opgebou word tussen die pasiënt en die kliniek, sodat kontak ook na ontslag behou kan word. Die personeel word byvoorbeeld geleer om ten minste onbevooroordeeld te luister, om verder deur woord en daad die pasiënt te verseker dat hulle intens in hom/haar geïnteresseerd is en dat hulle daar is om die persoon te hélp.

2.7.2.2 Die eintlike kern van die persoon se *probleme moet vervolgens geïdentifiseer word.* Wanneer die pasiënte opgeneem word, is hulle gewoonlik so gedisoriënteerd en verward dat hulle nie kan onderskei tussen hoofsaak en bysake vir sover dit hulle probleme betref nie. Die eintlike spil waarom alles draai, moet dus uitgelig word.

2.7.2.3 *Vasstelling van die graad van intensie tot selfmoord ("Gevaarskaal")*

Die personeel moet so opgelei word dat so gou as moontlik vasgestel kan word in hoe verre die persoon hom op die pad van die uitvoering van sy voorgenome daad tot selfvernietiging bevind, indien daar nie alreeds 'n poging aangewend is nie. Die "gevaarskaal" ("lethality scale") moet dus bepaal word. In hierdie verband is onder andere die volgende faktore van belang (Coleman, Butcher en Carson, 1980):

- *Ouderdom en geslag*
  Die potensiaal is byvoorbeeld groter by mans as by vroue; die moontlikheid tot selfmoord is ook groter by jongmense tussen 15 en 24 jaar.

- *Simptome*
  Die gevaar is groot waar die volgende simptome is: Soms insomnia (slaaploosheid), depressie, gevoelens van hopeloosheid en alkoholisme.

- *Spanning*
  Wanneer spanning byvoorbeeld opgebou is as gevolg van die verlies van 'n geliefde deur dood of egskeiding, 'n onbeantwoorde liefde by jongmense, verlies van werk, toenemende verantwoordelikhede en ernstige (kwaadaardige) siekte, skep dit 'n gevaarlike situasie.

- *Akute aspekte*
  Indien bogenoemde simptome skielik *akuut* word, veral wanneer méér as een faktor tegelyk werksaam is, is die onmiddellike potensiaal tot die daad groot. Op die lang termyn, dit wil

sê wanneer hierdie simptome kom en gaan om telkens weer opnuut op te duik, word 'n gunstige basis vir selfvernietiging geskep.

- Wanneer die persoon al begin "werk" het aan die besonderhede van sy plan (dit wil sê die plek en tyd en middel wat hy gaan gebruik om hom te dood) is die gevaar baie groot en is onmiddellike verwysing nodig.
- Die gevaar is groter indien die persoon *geen familiebande het of wil hê nie* en ook nie in 'n vriendekring opgeneem is nie, of as hierdie familie en vriende geen ag slaan op sy nood nie. (Geen kommunikasie met hulle het nie).
- Indien *vorige pogings tot selfvernietiging* reeds gedoen is, kán 'n finale poging voor die deur staan.
- 'n Persoon met 'n *ongunstige mediese geskiedenis* (kroniese of ongeneeslike siekte), sal makliker tot so 'n daad oorgaan as 'n fisies gesonde mens.
- Indien die reaksie van mense wat vir so 'n persoon belangrik is, (byvoorbeeld 'n eggenoot of ouer) sodanig is dat *die persoon voel dat hy/sy verwerp is,* kan aanvaar word dat selfmoord oorweeg word.

DERHALWE: Bogenoemde "gevaarskaal" word punt vir punt oorweeg deur hulle wat moet vasstel hoe ver hierdie mens "gevorder" het op die "pad van die dood". In die nuutste navorsing in die VSA word selfs van rekenaars gebruik gemaak. Indien alle beskikbare gegewens omtrent so 'n persoon versamel is, word die inligting deur die rekenaar verwerk om 'n "voorspelling" te maak, wat die graad van die potensialiteit tot selfvernietiging is.

2.7.2.4 Vervolgens word die persoon na gelang van sy/haar omstandighede, deur die krisiskliniek verwys vir psigiatriese behandeling en hospitalisasie.

3. Afdeling B: Die kerk oor selfmoord; 'n Christelik-etiese visie

3.1 Wat leer die Heilige Skrif?

OPMERKING

Dit is die nuwe ontwikkeling op die gebied van die uitleg van die Bybel wat hierdie wins opgelewer het dat daar altyd weer gevra moet word na die héle Bybelse boodskap. BJ Engelbrecht verwys na Bennett wat die Bybelse karakter van die Christelike Etiek daarin wil sien dat die Bybel gelees moet word met die doel om 'n meer algemene perspektief te kry, eerder as om op 'n soektog te gaan na voorskriftelike besonderhede vir elke besondere geval. Ook B Childs pleit vir wat genoem kan word, 'n meer "holistiese benadering" van die Heilige Skrif. Willekeurige kunsgrepe om die Bybel as handboek te kan gebruik vir byvoorbeeld Sosiologie, Antropologie, Sielkunde of wat ook al, is nie te verantwoord nie. WC van Unnik het in 'n lesing: "Het Nieuwe Testament en de Ethiek" gesê: "We weten wel dat de Schrift geen prikboek is, dat men maar ergens heeft open te laten vallen om een antwoord op de probleem te vinden". Met hierdie vertrekpunt voor oë, benader ons die vraagstuk van die selfmoord.

Die vraag is nou: Waaroor gaan dit ten diepste in die spesifieke verskynsel van selfmoord? Dit gaan eenvoudig daarom dat 'n mens sy hand aan sy eie lewe slaan, sy eie lewe vernietig. Die Heilige Skrif *in sy groot geheel* leer egter dat die lewe 'n gawe van God is en dat die mens nie die reg het om hierdie kosbare

geskenk uit die hand van God te vernietig nie. Doen hy dit tóg om iemand anders se lewe of sy eie te neem, dan tree hy wederregtelik op. Hierdie groot Bybelse gedagte word nie gedra deur 'n paar los "tekste" nie, maar dit lê inherent in die héle Skrif. God het die lewe aan die mens gegee toe hy geskape is. Dit het verreikende konsekwensies.

3.1.1 **Selfmoordgevalle in die Bybel**

Die volgende sewe gevalle kom ter sprake:

1. *Abimeleg, die krygsman* (Rigt 9:50-54).
2. *Simson, die Rigter* (Rigt 16:23-31).
3. *Koning Saul* (1 Sam 31:2-6).
4. *Koning Saul se wapendraer* (1 Sam 31:2-6)
5. *Koning Simri van Israel* (1 Kon 16:18).
6. *Agitofel, raadgewer van Dawid* (2 Sam 17).
7. *Judas Iskariot, dissipel van Jesus Christus* (Matt 27:5).

3.1.1.1 *Geen lewensbeskoulike inlesing aanvaarbaar nie*

Die pessimis-filosoof Schaupenhauer, het ten onregte opgemerk dat die Bybel nêrens selfmoord veroordeel soos die hedendaagse Christendom dit wel doen nie. Só kan 'n mens egter die Bybel nie uitlê nie. Schaupenhauer het die fout begaan om sy eie onchristelike "filosofie van die pessimisme" in die Bybel in te lees. Dit is "inlegkunde" en nie uitlegkunde nie. Die fout wat hierdie wysgeer gemaak het, was en is nog steeds 'n wesenlike gevaar. 'n Mens mag met geen vooropgestelde (filosofiese) idee in jou kop die Bybel laat buikspreek om te sê wat jy graag gesê wil hê nie. Schaupenhauer se lewensbeskouing, dat die lewe nie die moeite werd is nie en dat die beplanning en bewerkstelliging om self uit hierdie lewe uit te tree deur "selfverlossing", nie verkeerd is nie, kan op geen manier met die Christelike geloof gerym word nie.

Wanneer ons nou na hierdie sewe gevalle uit die Bybel gaan kyk, is dit duidelik waarom ons sê dat Schaupenhauer (en an-

dere) verkeerde konklusies getrek het uit die slegs saaklike mededelings (sonder kommentaar) van die Heilige Skrif. 'n Mens soek nie na los tekste wat jy graag daar sou wou sien nie, maar kyk na 'n teks binne sy konteks, dit wil sê in groter verband. Dan kry ons die *geheelbeeld* van elke situasie kortliks soos volg:

3.1.1.2 *Abimeleg* (Rigt 9 *in geheel)*

Die lewensverloop van Abimeleg getuig van 'n massale vergieting van onskuldige bloed, naamlik die bloed van sy broers, die seuns van Jerubbaäl. Sewentig man is deur hom vermoor sodat hý koning gemaak kon word. Hierdie daad het God nie ongestraf gelaat nie: "So het God dan die kwaad van Abimeleg vergelde wat hy sy vader aangedoen het deur sy sewentig broers te vermoor" (vers 56). Op watter wyse kom die straf? Abimeleg was besig om Thebes in te neem, toe 'n vrou vanuit 'n toring 'n meulsteen op sy kop gegooi het, sodat hy sterwend inmekaargesak het. Dan vra hy al sterwende sy wapendraer om hom gou met die swaard te dood, sodat die skande hom gespaar sal word dat mense na sy dood sou kon sê dat hy deur 'n vróú doodgemaak is. Hoogs waarskynlik was hy te swak om homself te dood. Dan voldoen die kneg aan hierdie versoek.

Ons konklusie: Wanneer die *verhouding tussen God en mens* só skeef loop, dan gebeur dit dat jy in plaas van om die eer van God te soek, bereid is om sewentig mense te vermoor ter wille van 'n aardse koningskap en die eer wat daaraan verbonde is! Goddeloosheid gaan egter nie ongemerk en ongestraf by God verby nie! Die einde is tragies ...

3.1.1.3 *Simson, die Rigter* (Rigt 13,14,15 en 16)

Ook Simson se daad moet teen die agtergrond van vier hoofstukke gelees word. Daarin speel die dade van geweld van hierdie gespierde held 'n baie groot rol. Die rol van vreemde vroue in sy lewe staan nie buite verdenking nie. In sy wraak op die Filistyne oor wat hulle hom aangedoen het, gee hy nie om om self ook te

sterf nie. "So was dan die dooies wat hy by sy sterwe gedood het, meer as die wat hy in sy lewe gedood het" (Rigt 16:30). Alhoewel sy selfmoord (hy trek die twee pilare van die gebou om) vanuit die oogpunt van wraak op die vyande van sy volk (die Filistyne) óók wel as 'n heldedaad gelees sou kan word, gaan sy son onder in die duister van geweld en massale vernietiging van 3 000 menselewens. Dis 'n stukkie tragiek!

Ons vra: Wanneer 'n menselewe só afgeteken staan soos dié van Simson, 'n lewe van geweld en bloed, is selfmoord as slot dan nie te begryp nie? Is daar nie 'n "les" wat ons juis hier in die lewe van Simson kan leer nie?

3.1.1.4 *Koning Saul en sy wapendraer* (1 Samuel 9 tot 31 oor sy lewe; 31:2-6 oor sy dood).

Hieroor kan ons kortliks handel. Soos 'n ster het Saul op die horison van Israel se geskiedenis verskyn, soos 'n verskietende ster het hy uitgebrand. In plaas van die Gees van God in sy doen en late voorop te stel, word hy 'n prooi van 'n bose gees. *Sy afval van God, sy ongehoorsaamheid aan God, word telkens weer uitgebeeld.* In plaas daarvan om God te raadpleeg, gaan hy liewers na 'n towerheks; so getuig die voorlaaste bladsy van sy lewe. Wanverhoudings en waangedagtes kenmerk sy verhouding met Dawid en andere. Ook sý lewe eindig in die maalgat van selfmoord: Op die slagveld wou sy wapendraer nie voldoen aan sy versoek om hom met die swaard te dood nie. "Daarop neem Saul die swaard en val daarin" (31:4).

Pateties lees ons in die volgende vers: "Toe sy wapendraer sien dat Saul dood was, het hyself ook in sy swaard geval en saam met hom gesterf".

Ook hier: 'n Treffende illustrasie van wat kan gebeur wanneer *'n mens se lewe los raak van God en sy Woord.* Die vertikale lyn tussen God en Saul is deur sy afvalligheid van God deurgesny; die horisontale verhouding tussen Saul en Dawid is tiperend van wat telkens die gevolg is wanneer 'n mens jou rug op God draai.

3.1.1.5 *Simri, koning van Israel* (1 Kon 16:8-20)

As dienaar van koning Ela van Israel, vind ons Simri as leier van 'n sameswering teen die koning, besig om hom dronk te drink om daarna koning Ela te vermoor. Waarom? Omdat hy sélf wou koning word en bereid was om vir so 'n eer te moor. Daarna het hy boonop ook die hele huis van Baesa verwoes. Plotseling eindig Simri se lewe wanneer Omri die stad inneem: "Net toe Simri sien dat die stad ingeneem is, het hy die vesting van die koning se huis ingegaan en die huis van die koning bo-op hom aan die brand gesteek, sodat hy gesterf het, *vanweë sy sondes wat hy begaan het deur te doen wat verkeerd was in die oë van die HERE,* deur te wandel in die weg van Jerobeam en in sy sonde wat hy gedoen het om Israel te laat sondig" (1 Kon 16:18,19).

Laasgenoemde aanhaling uit die slotbeskrywing van die lewe van Simri, lees duidelik: "... *sodat hy gesterf het vanweë die sonde* ..." Hy het sy doel gemis, hy slaan sy hand aan eie lewe.

3.1.1.6 *Agitofel, raadgewer van Dawid* (2 Sam 17:23)

Nog eens dieselfde refrein: Die man wat selfmoord pleeg is betrokke in sameswering en bloedvergieting, in verset teen die wettige gesag. As raadgewer van koning Dawid, dus iemand in 'n vertrouensposisie, draai hy die rug op die gesalfde van God. Hy skaar hom by die rebelle, die volgelinge van Absalom. Die gordyn val oor sy lewe wanneer Absalom sy raad in die wind slaan: "En toe Agitofel sien dat sy raad nie opgevolg is nie ... het hy na sy huis in die stad gegaan en aan sy huis bevel gegee en homself verwurg" (2 Sam 17:23).

'n Mens wat geen respek vir die *verordeninge van God* het nie, en daarom ook nie vir die lewens van andere nie, kan inderdaad ook sover kom om sy eie lewe nie te eerbiedig nie.

3.1.1.7 *Judas Iskariot* (Matt 27:3-5)

Omdat die selfmoord van Judas so bekend is, wil ons volstaan met enkele opmerkings. Dit moet voorop staan dat Judas se

verraad van sy Meester die grondliggende oorsaak van sy daad van selfmoord was.

Hy het die Heer as 't ware verkóóp vir dertig silwergeldstukke! Die verhouding tussen die dissipel en Leermeester het daarmee in stukke geval. *Om los van Christus te wees, soos Judas, impliseer gevaar.* Wroeging het sekerlik 'n rol gespeel. Judas het wél spyt gekry, maar by die berou van Judas dink 'n mens onwillekeurig aan Paulus se woorde: "... droefheid volgens die wil van God bring bekering wat tot redding lei, en daaroor was niemand nog ooit jammer nie. Daarteenoor bring droefheid uit wêreldse oorwegings die dood" (2 Kor 7:10). Judas se wroeging het tot die dood gelei, hy het homsélf gedood.

3.1.1.8 *Samevattende konklusies*

Wanneer mense se lewens verloop in sameswerings en bloedvergieting, in onverkwiklike dors na eie eer en belang, dan is hierdie *"horisontale" wanverhoudings tussen mense altyd terug te lei tot die wanverhouding tussen hierdie mense en Gód.* Volharding in hierdie sonde sonder waaragtige berou, bekering en versoening, kán mense daartoe dryf om te doen wat hierdie sewe gedoen het.

'n Mens kan dus nóóit tot die konklusie kom dat hierdie sewe saaklike mededelings uit die Heilige Skrif, omdat dit deur geen direkte afkeurende kommentaar oor die dáád van selfmoord opgevolg word nie, nou sou beteken: Die Heilige Skrif keur hierdie daad nie af nie, maar gaan stilswyend daarby verby! Ons moet eerder konkludeer dat die lewensverloop van Abimeleg, Simson, Saul, Simri, Agitofel en Judas Iskariot (elke geval in sy geheel en in samehang gesien), onmiskenbaar daarop dui dat hierdie mense *van God en sy gebod afgedwaal het,* dat hulle juis dáárom al die wandade waarvan hulle lewens getuienis lewer, gepleeg het, en uiteindelik voor die afsluitingsdrama van selfmoord te staan gekom het. Wat op die vertikale vlak tussen God en mens verkeerd geloop het, word onmiskenbaar op die horisontale vlak tussen mens en mens voortgesit. Die eerste tafel van die Wet van God is onlosmaaklik aan die tweede verbind.

Dit is juis die *Wet van God* in sy verband van eerbied vir die menslike lewe, wat nou ons aandag vra. Trouens, dit is hier waar die eintlike beslissing vir 'n kerklike standpunt behoort uitgemaak te word.

3.1.2 Lewe as gawe van God en eerbied vir die menslike lewe (Die sesde gebod: "Jy mag nie doodslaan nie")

Die sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk het in sy "pastorale handreiking" met 'n beroep op die gebod van God dat 'n mens nie mag doodslaan nie, gestel dat God kies vir die lewe en daarom téén die dood. God kom om die dood te oorwin deur sy Seun, Jesus Christus, wat op Paasdag opgestaan het uit die dode. Daardeur is dit moontlik dat Paulus kon sê:

> "Die dood is vernietig,
> die oorwinning is behaal.
> Dood, waar is jou oorwinning?
> Dood waar is jou angel?"

(nav 1 Kor 15:54b en 55)

Karl Barth wil sy fundering van die eerbied vir die menslike lewe vanuit die sesde gebod verstaan, van waaruit die lyn dan deurgetrek word tot die bevestiging van hierdie gebod deur die Nuwe Testament. Só bly die reformatoriese beginsel ("deur die Skrif alleen") gehandhaaf.

Gód, as Skepperheer, het die lewe aan die mens geskenk. In die gebod wil Hy hierdie lewe ook beskut. As gáwe van God moet die menslike lewe met die hóógste agting bejeën word. Kragtens die sinekdogeïse karakter van die Wet van God, beteken die sesde gebod ("jy mag nie doodslaan nie") nie slegs dat jy nie moord mag pleeg nie, dit wil sê 'n ánder mens doodmaak nie. Dit beteken ook dat 'n mens in géén vorm doodgemaak mag word nie, op geen énkele manier die lewe van 'n mens geneem mag word nie. Wie roekeloos sy motor bestuur, is óók 'n (potensiële) moordenaar. Wie sy/haar eie lewe neem, pleeg moord.

God, die Skepper, het die alléénreg op menslike lewe en "jy mag nie . . .!" Die opsetlike aktiewe beëindiging van 'n mens se lewe, ook jou eie, mag nie gebeur nie.

"Lewe" volgens Bybelse begrip, hierdie twee-eenheid van liggaam en gees, is nie te skei soos die ou Griekse heidendom in hulle wysgerige dualistiese mensbeskouing dit gedoen het nie. Vir húlle was die menslike siel (Grieks: psuché) van belang; die liggaam is gedevalueer tot 'n kerker, 'n tronk waarin die kosbare siel vasgevang is totdat dit deur die dood daaruit "verlos" sou word. Ons moet waak teen hierdie stukkie heidendom wat tot vandag toe dreig om 'n Christelike gewaad aan te trek. Paulus het aan die Korintiërs verduidelik dat dit vir God óók gaan om die redding van die liggaam uit die dood (vergelyk byvoorbeeld die héle 1 Korintiërs 15). Dit is nie so dat 'n mens met jou minderwaardige liggaam (so het die Grieke gedink) kan máák wat jy wil nie en daaruit kan léef soos jy wil nie. Paulus vra vir die Korintiërs: "Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God verwoes, sal God hom vernietig, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle" (1 Kor 3:16,17). Hierdie Bybelse uitgangspunt oor die waardering van die liggaam kom onder andere pragtig tot uitdrukking in 'n paar van ons nuwe gesange. Om slegs twee voorbeelde te noem:

EERSTENS: "Lofsing die Here wat kunstig u liggaam berei het,
Hy is die sterke wat altyd nog by u gebly het;
wat in gevaar, hoe groot, hoe dreigend, hoe swaar,
oor u sy vleuels gesprei het!".

(Ges 63:2)

Sou hierdie Bybelsgefundeerde strofe nie in sigself 'n boodskap van bemoediging bevat vir hulle wat met sulke gedagtes besig is nie? Sekerlik wel!

TWEEDENS:"Ek bely dat hierdie liggaam,
selfs tot stof en as vergaan,

op die laaste van die dae
weer verheerlik op sal staan;
dan onsterflik, onverganklik,
ken dit geen verderfenis;
dan is dit so skoon en heerlik
soos my Heer se liggaam is".

(Ges 245:9)

Die Gódgegewe lewe word net een maal aan die mens gegee. Dit is enig en onvervangbaar (Job 2:4 en Ps 35:17). Die kosbaarheid van die lewe lê nie eerstens daarin dat dit léwe is nie. Lewe is slegs deel van die hele groot geskape werklikheid om ons. Nee, die lewe is kosbaar omdat dit 'n *geskenk van God* is. Dáárom kan ons ook nie die lewe as súlks verabsoluteer nie. Só het Albert Schweitzer se denke byvoorbeeld gestaan in die teken van "eerbied vir die lewe". ("Ehrfürcht vor dem Leben"). By hom het die léwe egter as léwe die spil geword waarom die eerbied moet draai. Die waardering vir die lewe moet vir die Christen eerder daarin lê dat hy/sy dit van God ontvang het, lewe-as-gawe-van-God. God is die Beskikker daaroor; Hy alléén. Met hierdie Bybelse uitgangspunt spreek dit vanself dat nòg ek nòg 'n ander mens oor ons lewe beskik. Waar kom ek dan aan die reg om my hand uit te steek na 'n ander mens se lewe óf na my eie lewe toe? Omdat die lewe 'n gawe van God is, moet ons dit in dankbaarheid aanvaar. Ons moet "ja" sê vir hierdie Godgegewe geleentheid om te kan leef. Hy wat sy eie lewe neem, sê eintlik "nee!" Die Duitsers sê ons moet "bejahend" staan teenoor die van God geskenkte lewe: ons moet positief staan, ons moet "ja" sê. Hierdie houding teenoor die lewe is een van die grondpilare van die Christen se oortuiging dat God álles wil regeer, ook ons lewens. Om die lewe wat ons ontvang het uit die hand van God in sy aangesig terug te gooi, mag nie gebeur nie. Ons lewenstyd, ons "grens", moet nie deur onsself bepaal word nie, maar deur God (Job 14:5). AA van Ruler het dit pragtig gestel: Ons verdra hierdie wêreld, ons hou uit, ons volhard tot die einde toe. Die Christelike geloof is sonder enige voorbehoud op die wêreld gerig (ons leefplek, ons werkplek) en is wêreldaanvaardend ... soos

Christus die kruis verdra het, so verdra ons die lewe . . . mens kan ook nie uit die lewe wegvlug vanweë die leed of selfs die sonde nie. Omdat God die wêreld geskape het, is wegvlug selfmoord en *selfmoord is helaas in geen opsig die oplossing van selfs een probleem nie.* Hier is ons geplaas as skepsels van God, en hier kan ons alleen maar volhard (Religie en Politiek: p 33,34).

Waar by Albert Schweitzer die lewe as sulks in die sentrum staan, daar stel ons die gebod van God aangaande die lewe as uitgangspunt: "Jy mag nie doodslaan nie".

3.1.3 **Die leer van die kerk (Heidelbergse Kategismus)**

Hierdie Bybelse vertrekpunt is nie slegs duidelik in die lied van die kerk nie, maar ook in die belydenisskrifte van die kerk, by name die *Heidelbergse Kategismus (Sondag 40),* in besonder vraag en antwoord 105: *Vraag:* "Wat eis God in die sesde gebod?" *Antwoord:* "Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, benadeel, haat, wond of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad.

(a) Ook moet ek alle wraaksug laat vaar;
(b) *en verder mag ek myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie;*
(c) daarom dra die owerheid dan ook die swaard om doodslag te weer."

(i) Matt 5:21,22; 26:52. Gen 9:6.
(ii) Ef 4:26; Rom 12:19; Matt 5:25; 18:35.
(iii) Rom 13:14; Kol 2:23; Matt 4:7.
(iv) Gen 9:6; Eks 21:14; Matt 26:52; Rom 13:4.

Ons het reeds verwys na die "sinekdogeïse karakter" van God se gebooie. In die Heidelberger se antwoord oor hoe ons die verbod op doodslag moet verstaan, is dit baie duidelik dat die opstellers van die *Kategismus* bedoel het dat die sesde gebod (soos ook die

ander gebooie) beslis 'n wye betekenis en karakter het, dit wil sê dit dek 'n *breër* veld as net daardie een kort sinnetjie: "jy mag nie doodslaan nie". ('n Sinekdogé is 'n stylfiguur waarin 'n deel staan vir 'n groter geheel). Die groter geheel in hierdie geval word duidelik uitgebeeld in die breë veld wat daar opgesluit lê in die Heidelberger se antwoord op die vraag wat God in die sesde gebod van ons eis. As ons dan verder sou kyk, ook na vrae 106 en 107, dit wil sê die hele Sondagafdeling, is dit duidelik dat die kwessie van doodslag tot by die wortels aangeroer word. In elk geval is dit opvallend dat ook hierdie onderhawige saak van selfmoord baie duidelik ter sprake kom: nie slegs 'n ánder mens se lewe moet eerbiedig word nie, *maar ook 'n mens se eie lewe.* Jy mag óók nie jouself die lewe ontneem nie, op geen manier nie en onder geen omstandighede nie.

Hierteenoor vind ons prof Chris Barnard se standpunt in sy boek met die mooi naam, *Leef goed, sterf goed* (1980), minder mooi en totaal en al onbybels wanneer hy sê: "Selfmoord is 'n grondliggende menslike reg en behoort 'n keuse te wees wat altyd tot beskikking van die individu is . . . dan is die dokters ten volle bevoeg om selfmoord voor te skryf" (p 127). Prof Barnard sê dat in 'n sekere rolprent 'n selfmoordlokaal voorgestel is "waar die dood onder aangename omstandighede toegedien word". Hy pleit dat die samelewing selfmoord nie as 'n probleem sal sien nie, "maar as 'n wettige handeling" wat in sekere gevalle en sekere omstandighede deur 'n dokter voorgeskryf mag word, 'n saak waarvoor die dokters "ten volle bevoeg is" is! Ons eie uitgangspunt is egter, soos reeds aangedui, dat *God alleen as Gewer van die lewe daaroor beskik en niemand anders nie;* nie ekself of die dokter beskik oor die lewe nie. Prof Barnard gaan van die standpunt uit dat die méns daaroor beskik. Die verskil tussen prof Barnard se mening en die Bybelse leer is radikaal en onoorbrugbaar. Geen gesprek is moontlik tussen Teologie en Mediese Wetenskap met só 'n beginpunt nie. Gelukkig is dit so dat prof Barnard se standpunt nie die algemene mediese standpunt in ons land is nie. In die blad, *Geneeskunde,* (November 1972, p 236), verklaar 'n medikus wat in die Mediese Etiek gepromoveer het

(om begryplike redes mag ons nie sy naam noem nie) soos volg: "As dit gaan om die keuse van 'to be or not to be' het ons professie geen bondgenote nodig om te weet wat om te doen nie. Oud of jonk, sieklik of voortreflik, ons etiek gebied 'n onkreukbare eerbied vir die lewe en daarby staan of val die eerbied van ons professie". In 1972 het genoemde medikus (ons sal hom maar dr X noem) skerp gereageer op die standpunt van 'n Nederlandse psigiater, prof JH van den Berg, oor die sogenaamde "Softenonbabas". Dr X het in dieselfde mediese tydskrif (September 1972, p 179), duidelik gesê: "Waar fouteer my hooggeagte kollega Van den Berg? Ek waag slegs 'n antwoord: hy het meer moed as ek. Hy kan 'n mens sien wat geen burger van God is nie. Ek kan dit nie sien nie". Met al die respek wat ons vir die bekwame hartsjirurg, prof Chris Barnard het, moet ons in dieselfde gees as dr X sê: 'n Dokter wat 'n pasiënt help om selfmoord te pleeg, het die onkreukbare eerbied vir die Godgegewe lewe verloor. Die dokter steek dan sy hand uit na die lewe van 'n beelddraer van God en eien hom 'n reg toe wat alleen aan God toekom. Gelukkig dat in ons land só 'n optrede deur ons landswette uitdruklik verbied word!

Die kerk wil in sy belydenisskrifte hierdie gebod van God so breed en so diep verstaan dat dit nie slegs gaan om 'n verbod op die direkte daad van moord of selfmoord nie, maar dat die gebod sinekdogeïes soveel behels dat dit by implikasie ook beteken dat ek *myself* "geen kwaad mag aandoen nie of moedswillig in gevaar sal begewe nie". Moord én selfmoord is wel die grofste oortreding van die gebod, maar daar is ook fynere en minder opvallende vorms van oortreding, naamlik wanneer 'n mens jou eie lewe in gevaar stel. Wanneer 'n mens byvoorbeeld in die Alpe op 'n tou oor 'n afgrond loop om ander mense se sensasielus te bevredig, wanneer 'n mens vir weke lank dit waag om tussen mambas en kobras te slaap en te eet (om jou naam in 'n rekordboek te verewig??), dan speel 'n mens sekerlik met jou kosbare lewe en stel jy dit onnodiglik in gevaar. Dit mág nie!

3.1.4 Die mens as beelddraer van God

Dit is nie die plek om in hierdie konteks in te gaan op al die betekenismoontlikhede van die Bybelse feit dat die mens na die beeld en gelykenis van God geskep is nie (Gen 1:26,27). Hieroor is daar baie diepsinnige dinge gesê en word nog steeds dik teologiese boeke geskryf. Omdat ons bedoeling hier is om die gemeente te bereik met 'n Bybelse visie oor hierdie spesifieke saak van selfmoord, verwys ons slegs met instemming na die verduideliking van prof BJ Engelbrecht (*Die Wet van God,* p 46). Hy het die saak so verduidelik dat selfs 'n kind dit kan verstaan. Eers verwys hy na Genesis 9:6, waar ons lees: "Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur mense vergiet word, want God het die mens na Sy beeld gemaak". Prof Engelbrecht gaan dan direk na die Nuwe Testament, waar aan Jesus die vraag gestel is of aan die keiser belasting betaal moet word. By die geleentheid vra Jesus 'n muntstuk en stel Hy die vraag: "Wie se *beeld* en opskrif is dit?" (Matt 22:21 ou vertaling). Wanneer hulle dan antwoord dat dit die keiser s'n is, sê Hy: "Gee aan die keiser wat die keiser toekom . . ." Ons nuwe vertaling lees: "Gee dan aan die keiser wat aan die keiser *behoort,* en aan God wat aan God *behoort*". Die betekenis is derhalwe duidelik: Soos wat die muntstuk aan die keiser behóórt omdat dit die keiser se bééld dra, so behóórt ons aan God omdat ons beelddraers van God is. Ons lewe behóórt aan ons Skepper en nie aan onsself nie. Ons mág dit nie self neem nie. Dat ons beelddraers van God is, impliseer dus hierdie *besondere verhouding* tussen ons en ons Skepper, dat ons naamlik sy eiendom is; ons behoort aan Hom. In 'n ander publikasie sê prof Engelbrecht: "Selfmoord is eintlik die lewensbeskouing dat ons laaste toevlug en die beste oplossing van ons sorge en probleme van ons lewe die dood is. Maar nou leer die Bybel ons dat die Here ons toevlug en ons bergvesting is (Ps 91:2). In ons verband beteken dit dat nie óns nie, maar God die laaste woord in ons lewe moet spreek, en dat ons dit moet toelaat, selfs in die swaarste omstandighede van ons lewe" *(Geloofsleer en Sedeleer,* p 255 en 256). In hierdie beskouing is nie alleen die groot beginsel

van die Bybel oor die menslike lewe duidelik nie, maar vind ons ook die pastorale besorgdheid wat so nodig is.

3.2 Kerklike perspektiewe

3.2.1 Allereers die Woord (Lewe as gawe én roeping)

In die lig van voorafgaande Bybelse gesigspunte waaroor daar hoegenaamd geen twyfel bestaan oor wat die houding van die kerk in die prinsipiële sin van die woord behóórt te wees nie, moet die menslike lewe as gawe van God eerbiedig word. God wil die mens se lewe beskerm deur sy gebod: "Jy mag nie doodslaan nie". Omdat God die Skepper of Gewer van die lewe is, is Hy immers ook die Beskikker. Dit impliseer dat die mens nie oor die soewereiniteit beskik om 'n medemens se lewe of sy eie lewe te neem nie. Verder het ons gesien dat die eerbied vir die menslike lewe, óók gefundeer in die feit dat die mens beelddraer van God is, dat hy in 'n besondere verhouding tot God staan: hy behóórt aan God en nie aan homself nie. Die mens is die eiendom van God en is deur Jesus Christus duur gekoop, sodat hy met liggaam en siel aan sy getroue Saligmaker, Jesus Christus, behoort; dit is sy enigste troos in lewe en in sterwe. Die kerk het die Woord as wet én evangelie so diep en wyd verstaan dat die mens nie slegs sy medemens nie, maar ook homself nie mag kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie. God wou dat die skepsel hérskep moet word; Hy het geen behae in die dood van die sondaar nie, maar wel daarin dat hy hom bekeer en léwe. "Lewe" in die volste sin van die woord is lewe in Christus; Hý is die weg en die waarheid en die léwe (Joh 14:6). Sinvolle lewe is lewe met Christus. Hierdie lewe is deur die geloof sinvol en moet deur die mens in dankbaarheid aanvaar word. Die gáwe van lewe impliseer verder dat die mens ook 'n "opgawe" het, 'n taak, 'n roeping. Hy word geroep om positief die lewe met 'n ja ("bejahend")

te aanvaar. Dit is genade (loutere goedheid) van God dat die mens mág lewe. Daarom kon Karl Barth sê dat selfmoord in wese verset is teen die genade van God; 'n weiering om uit genade te lewe en daarom sonde teen God. Die gawe van die lewe verg dat die mens sy lewensroeping ("opgawe") met volharding end-uit sal vervul.

3.2.2 Kerklike stemme uit die verlede en die hede

Oor die algemeen was die kerklike uitsprake, asook die uitsprake van individuele teoloë, baie skerp en kantig. 'n Mens mis al te dikwels 'n werklik pastorale bewoënheid. Dit is goed en reg dat die kerk vanuit die Woord sy konklusies óók oor hierdie komplekse probleem getrek het en dit dan ook "reguit" geformuleer het. Ongelukkig is dit egter so dat die geadresseerde, die méns wat die boodskap moet ontvang, in hierdie geval die mens in eksistensiële nood (wat in wese *sondenood is),* nie so begrypend raakgesien is as wat 'n mens dit van die kerk en dienaars van die kerk verwag nie. Ons kyk net na 'n paar feitelike uitsprake in hierdie verband:

3.2.2.1 Die bekende kerkvader *Augustinus* (354-430 nC) sê in sy *De Civitate Dei* dat 'n selfmoordenaar se siel verlore gaan omdat hy nie langer glo in die voorsienigheid van God nie. 'n Mens voel dadelik om aan Augustinus te vra of die finale oordeel oor die bestemming van die mens nie maar by God alleen gelaat moet word nie. Het Augustinus dalk vergeet van die berouvolle moordenaar wat op die laaste nippertjie langs Christus aan die kruis verneem het van sy redding? Sélfs 'n moordenaar kan dus gered word.

3.2.2.2 Die *Konsilie van Arles* (432 nC) kwalifiseer selfmoord as 'n "misdaad" en 'n "ingewing van die duiwel" en sê dat vir hierdie mense geen misse opgedra mag word nie en dat hulle ook nie 'n kerklike begrafnis mag kry nie. Kort en klaar! Geen mededoë!

3.2.2.3 *Thomas Aquinas* (1225-1274 nC) staan ook op die standpunt van Augustinus. Hy klassifiseer hierdie daad onder die "doodsondes", omdat die persoon God se mag vir homself toeëien. So ook pous Nicolaas I.

3.2.2.4 Die *Konsilie van Toledo* (693 nC) verklaar dat 'n persoon wat 'n (mislukte) poging tot selfmoord aangewend het, uit die kerk verban moet word vir 'n bepaalde tyd. Wat 'n onbarmhartige uitspraak!

3.2.2.5 Wat die *reformatore* betref, sê *Calvyn* dat ons die lewe nie so mag haat om hierdie daad te pleeg nie; slegs 'n *sondige* lewe mag die voorwerp van haat wees, maar daarvan moet die mens hom bekeer. In die *Lutherse Kerk* kom 'n kerklike begrafnis ook in gedrang. *Melanchton* noem dit gewoonweg "duiwelswerk", maar sê dat daar nie beweer kan word dat die siel van hierdie mens verlore is, net omdat so 'n daad gepleeg is nie.

3.2.2.6 *Die jongste tyd*

Ons het reeds na *Karl Barth* se beskouing verwys, om enkele voorbeelde uit die onlangse verlede te noem. Hierdie mens weier eintlik (volgens Barth) om uit God se genade (guns, goedheid) te lewe deur vir homself God se soewereine mag oor lewe en dood toe te eien. Hierteenoor vind ons die bekende Nederlandse teoloog, *PJ Roscam Abbing* wat, let wel, as teoloog skaamteloos verklaar: "Dit behoort tot die demokratiese grondreg van die burger dat hy, altans binne sekere grense, beskikking het oor sy eie lewe" *(Toegenomen Verantwoordelijkheid,* p 16). Hy stel dit uitdruklik dat geen owerheid die reg het om wanneer 'n mens wil sterf, "hulp daarbij te verbieden", solank die persoon hierdie besluit "geheel vrijwillig en zelfstandig" geneem het. Die enigste voorwaarde wat hy stel voordat 'n persoon "gehelp" moet word om te sterf, is dat toestemming verleen moet word deur 'n "klein team van deskundigen", naamlik deur 'n driemanskap van byvoorbeeld 'n juris, psigiater en sosiale werker. So maak Roscam

Abbing sy *"teologiese"* vertrekpunt in die *"demokratiese"* reg wat die burger oor sy eie lewe en dood het. God is uit! Geen Gódgegewe reg oor lewe en dood nie! Daar het ons nou die outonome mens nog in lewende lywe voordat hy "gehelp" word om selfmoord te pleeg! Só beheers demokrasie die teologie. Siedaar 'n vorm van die sogenaamde "Politieke Teologie".

3.2.3 Moontlike riglyne vir die kerk in die bekamping van die probleem van selfmoord

Die kerk staan midde in 'n wêreld wat vinnig op pad is na die 21ste eeu. Dat die kerk 'n boodskap vir die mens van hierdie tyd het, lê onteenseglik duidelik opgesluit in die kerk se *apostolaat:* Om uit te gaan (as die Heer se uitgestuurde) na die mens wat leef midde in die maalstroom van die jare tagtig en straks die jare negentig. Selfs jongmense sê "ons lewe het 'haastig' geword, té haastig"!

Mense werk en reken op die minuut, veral die stadsmens. Buitendien (so sê die sosioloë en andere) sal die stad in die jare wat kom die voornaam word van 90 persent van die mense in ons land. Die ekonomiese stryd om bestaan tap boonop die liggaamlike en geestelike energie van hierdie gejaagde mens by die dag. Hy voel soms of die wet van die diereryk ook op hom van toepassing is: Slegs die sterkste sal bly voortbestaan! ("The survival of the fittest").

Die kerk het deur die eeue telkens 'n swaar stryd gestry ter wille van die suiwerheid (waarheid) van die boodskap van die evangelie. Hieraan bestee die kerk baie tyd, energie en geld. Die groot vraag is egter of hierdie goedversorgde boodskap die geadresseerde wel bereik, *die mens,* hierdie bepáálde mens in sy bepaalde situasie.

Watter riglyne kan die kerk visualiseer?

Die kerk neem met groot dankbaarheid kennis van die studieresultate van ander wetenskappe (onder andere Psigologie en So-

siologie) betreffende die mens en sy probleme en wil ook graag hierdie kennis in diens van die Woord verdiskonteer *in soverre as wat die essensie van die evangelie nie daardeur verander word nie.* Wat die sosioloë en psigoloë byvoorbeeld vasgestel het, naamlik dat *sterk groepsbande* 'n uiters belangrike rol speel in die voorkoming van hierdie aanslag teen 'n mens self, is korrek. Hoe sterker 'n mens se binding met jou gesin, familie, vriendekring en kerk, hoe meer is jy beskermd en voel jy geborge. Waarom is dit byvoorbeeld so dat Swartmense baie minder selfmoord pleeg as Blankes? Alhoewel daar verskeie faktore mag wees wat hier geld, (kulturele faktore), wil ons dit stel dat *solidariteitsgevoel* 'n hegte band van broerskap tussen hulle vorm, 'n broerskap wat deur die Blankes beny kan word. 'n Sosioloog aan die Universiteit van die Noorde, prof dr Izak van Tonder, het in 'n gesprek oor hierdie laasgenoemde saak met ons saamgestem.

Dit is ook sy mening nadat hy reeds twaalf jaar aan hierdie universiteit vir Swartmense verbonde is; "broerskap" is 'n sterk voorkomende faktor. Die gemeente bely telkens in sy samekomste dat ons glo aan 'n nog stérker binding as biologiese en kulturele "broerskap", naamlik die band van die geloof in Christus: "*Ek glo aan die gemeenskap van die heiliges"* (gelowiges). *In Christus* is ons mekaar se broeders en susters. Dit is in hierdie verband 'n baie belangrike aangeleentheid waaroor besin moet word.

3.2.3.1 *Ons pleit vir die realisering van die betekenis van die "gemeenskap van die gelowiges" in ons kerklike lewe*

Die geloofsgemeenskap word profeties vanaf die kansel verkondig in woorde wat opgevolg moet word in dáde. Immers, die gemeente bely Sondag na Sondag: "Ek glo aan die gemeenskap van die heiliges". Die belydenis in die woorde van die "Apostolicum" het die kerk ook amptelik breër en verder laat uitkring in vraag en antwoord 55 van die *Heidelbergse Kategismus.* Vraag: "Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?" Antwoord: "*Eerstens* dat die gelowiges, almal saam en elkeen afson-

derlik, as lede gemeenskap met die Here Christus het en deel het aan sy skatte en gawes". Siedaar die *vertikale* binding tussen Christus en die gelowiges voorop gestel! "*Tweedens,* dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend". Hier is dit weer die *horisontale* binding wat tussen die gelowiges beléé f word in die groot verskeidenheidsgestaltes van die kerklike dienswerk. Vanuit die naaf van die wiel (die bediening van Woord en sakramente, die erediens) stap die gemeente die wêreld in as mense wat op mekaar moet ag gee, met mekaar moet gaan sáámleef, mekaar gaan dien, vermaan, aanvaar en liefhê. So het E Brunner dit gestel: In plaas van eensaamheid tree: gemeenskap. Gemeenskap is: dat die ek werklik oopgaan vir die u, dat die u en ek sáámkom. Gemeenskap is dieselfde as liefde. En hierdie liefde is alleen uit die geloof, of wat dieselfde is: alleen uit Christus. Die onvergeetlike prof AA van Ruler het oor die betekenis van hierdie artikel in ons belydenis gesê: "In die eerste plek dit: die kerk is 'n gemeenskap met mekaar, 'n gemeenskap wat tot in die wortels van die lewe indring. *Mens dra daar kennis van mekaar; mens weet van die allerdiepste én die allerlaaste.* Daarom gaan hierdie gemeenskap dieper as alle vriendskap, kollegialiteit en sportmanskap. *In die kerk voel ek my verbonde aan my naaste in die allereintlikste van mý bestaan en sý bestaan* . . .die kerk is die voorbeeld en die bron van alle gemeenskap in die wêreld. . . . In die misterie van die kerk, in die gemeenskap van die heilige mense en die heilige dinge (sakramente) lê die groot versoening, waardeur die wêreld genees sou kon word.

Die kerk behoort met *groter erns* steeds hierdie belydenis deel van die geloofslewe van élke dag te maak, omdat die Woord van God ondubbelsinnig so vra. Wat die lidmate van die gemeente betref, *sê die Woord:*

- Hulle moet op mekaar ag gee: 1 Tess 5:14; Heb 12:14,15; Jud 22,23; Gal 6:1; Hand 20:28.
- Hulle moet vir mekaar bid: Jak 5:16, 1 Joh 5:16; Rom 15:30.
- Hulle moet sáám met mekaar lewe: Rom 12:15; 13:8; Gal 6:2; Filip 2:18; Heb 13:3; 2 Kor 7:3.

- Hulle moet mekaar dien: Joh 13:14; Titus 3:8; 1 Pet 4:10; Gal 6:10.
- Hulle moet mekaar liefhê: 1 Joh 4:12; 1 Kor 13; Heb 13:1; Rom 12:10,16; Matt 5:23.
- Hulle moet gasvryheid beoefen: Rom 12:13; Heb 13:2; 1 Pet 4:9.
- Hulle moet mekaar vermaan: 1 Tess 5:14.
- Hulle moet onderlinge vriendelikheid beoefen: Filip 4:5; 5; 1 Pet 3:8; Ef 4:32.
- Hulle moet met ontferming vervul wees: Ef 4:32.
- Hulle spreek die waarheid met mekaar: Ef 4:25.
- Hulle moet 'n voorbeeld vir mekaar wees: Filip 3:17.
- Hulle moet mekaar aanvaar: Rom 14:1; 15:7.

Soos die mense die verlamde man voor Jesus neergelaat het, so moet die gemeente "verlamdes" na Jesus Christus toe "dra" om deur Hóm gehelp te word. Die kerk is die "draer" vir God. *Die kerk dra die nood van hierdie mense op die hart.* Die kerk moet in gelowige, händelende mense vergestalting vind. 'n Groot getal van hierdie mense wat deur die aanslae van die lewe "verlam" is, laat hulle indirekte maar ook direkte noodkrete hoor: "ek gaan myself verlos!" Húlle moet geïdentifiseer en *gehelp word.* Vir hierdie mense op pad na selfmoord, het dit donker begin word. Wie sal hom/haar by die hand gaan neem en na die lig toe lei? Slegs 'n predikant, 'n ouderling of 'n diaken? Nee, sekerlik nie. *Die gemeente in sy geheel is saam met die ampsdraers geroepe* om hierdie mens op te spoor en hom/haar na die geborgenheid van die gemeenskap te lei, ten diepste na Christus te lei.

Wat is die rede waarom hierdie band van die gemeenskap dan dieper lê as ál die ander bande wat ons aan mekaar verbind? Hierdie band is die band van die Heilige Gees, die "Gees van gemeenskap" (Filip 2:1) of "die gemeenskap van die Heilige Gees" (2 Kor 13:13). Ons wil dit beklemtoon dat hierdie gemeenskap in die eerste plek om Christus en sy gemeente wentel, om dan uit te brei na die gemeentes onderling (2 Kor 8,9), sowel as die gemeenskap tussen die lidmate (Rom 15:26-27). Hierdie gemeenskap wil die gemeente ook singend bely:

Gesang 245:7: "Ek bely 'n kerk wat heilig,
Christelik is en algemeen
in geloof en hoop en liefde
en in heilsverwagting één,
ook die heil'ges se gemeenskap –
één van sin en één van hart;
delend in mekaar se vreugde,
delend in mekaar se smart".

In die "heilsverwagting" kyk ons na Bo, gevolg deur die "ook" wat ons aan mekaar verbind deur die geloof: "delend in mekaar se vreugde, delend in mekaar se smart".

Vir Paulus is hierdie spreekwyse nie maar sommer los en willekeurige woorde nie. Nee, dit is vir hom gegrond op die sentrále gedagte van gemeenskap van alle gelowiges met Christus en met mekaar. EP Groenewald het gesê dat hierdie diens *liefde* is, "*geen blote humaniteitsgevoel nie;* dis 'n gawe van die Gees (Gal 5:22 en 1 Kor 14:1) wat alle ander gawes oortref (1 Kor 13)". Liefde is die vervulling van die Wet (Gal 5:14 en Rom 13:8,10) en bepaal al die doen en late van die mens teenoor sy naaste, juis omdat hulle lede is van dieselfde "liggaam van Christus". Groenewald verwys na Paul Althaus se boek, *Gemeenskap van die Heiliges,* waar Althaus sê dat die geloof op 'n liefdediens teenoor die naaste uitloop, met 'n liefde wat homself nie soek nie maar homself offer, dat die gemeenskap van Christus vir die gelowiges 'n "met-mekaar" beteken, wat terselfdertyd ook beteken, 'n "vir-mekaar". Daarom gaan ons die funksie van die *gemeente* in hierdie verband voorop stel.

3.2.3.2 *Ons pleit vir die herstel van die "amp" van die "algemene priesterskap van elke gelowige" (Die héle gemeente moet betrek word).*

Prof AFN Lekkerkerker, (1971) stel die "*Christusrepresentasie*" (Christusverteenwoordiging) van die geméénte in die wêreld baie sterk. Die gemeente gaan in die wêreld uit om afsonderlik as lede en gesamentlik as gemeenskap (gemeente), *Christus as 't ware te*

verteenwoordig. Hy beroep hom onder andere op 2 Korintiërs 3:3: "Dit is tog duidelik dat julle 'n brief van Christus is, deur ons diens geskrywe, nie op kliptablette nie maar op die harte van mense". Ook verwys hy na Karl Barth se kort en kragtige opmerking dat die gemeente eintlik "Jesus Christus se eie aardse historiese bestaansvorm in die wêreld is". Jesus Christus *in sy ontferming,* leef eintlik aards-histories voort in die bestaan en gang van die gemeente.

Sonder om verder hierop in te gaan, wil ons slegs konstateer dat die volwaardige plek van die geméénte in die groot dienswerk van die kerk geensins die besondere ampte van predikant, ouderling en diaken hoef te verskraal nie. Ons moet nie vergeet nie dat die *Heidelbergse Kategismus* direk nadat die drievoudige amp van Christus gestel is, die *Christen* (die individuele gelowige) daaraan wil herinner wat dit beteken om Christen te wees, (vraag en antwoord 32), naamlik om sélf te staan in die drievoudige diens van profeet, priester en koning. *Élke gemeentelid is dus geroep tot aktiewe dissipelskap.* Die drie ampte in die kerk en genadegawes aan individuele gelowiges gaan sáám en word nie deur ons teen mekaar afgespeel nie. Só word dienswerk eers voluit 'n funksie van die kérk. Die "amp van die gelowige", die inhoudelike betekenis van die "algemene priesterskap", is die wentelpunt in ons pleidooi. Die gemeente as gehéél het die roeping om God te dien in naastediens, *ook in hul ontferming oor die mens in nood,* 'n veelsoortige diens, 'n diens wat wissel tussen die verkondiging van die evangelie aan die naaste en die verskaffing van brood aan 'n honger mens. *En aan iemand op pad na selfverlossing!* Die Christen dien amptelik, hy dien namens Christus en daarin namens die gemeente. Hy dien nie namens homself nie, maar in selfverloëning. Die diens van Christen aan hierdie mens bestaan daarin dat hy aan hom/haar (sy naaste) die liefde van God in Jesus Christus dáádwerklik verkondig. God se liefde word so deur die een mens aan die ander mens oorgedra. Die Christen "illustreer" God se liefde in die menslike daad van barmhartigheid aan die mens in nood, *ook hierdie bepaalde mens in sy radeloosheid.* Daarin is die Christen beeld van God dat hy

onder andere die liefde van God afbeeld en betreklik werklik maak; soos God die naaste liefhet, het die Christen ook die naaste lief. So is die Christen getuie van God, getuie van Jesus Christus. Die preekstoel en die nagmaaltafel moet tot onafwendbare gevolg hê dat álle gelowiges toegerus die kerkdeure uitstap as "diakens" en "diakonesse" van die Heer van die kerk, *om mense in nood na Christus toe te lei, na die lig van die evangelie.* Gemeentelike dienswerk is weerkaatsing van die lig van die Heer van die kerk, sodat ander wat in die duister wandel, die lig kan sien. Die lig van die kerk is die lig wat opgesteek is by Hom wat die Lig van die wêreld is. Dit is 'n lig wat ontváng is. Die duisternis van sonde, dood en hel word deur die lig van die evangelie van Christus verdryf. Dít moet verkondig word. Soos 'n planeet die lig van die son weerkaats, so moet die dienswerk van die kerk ook staan in die weerkaatsing van die lig wat daar afstraal van die Heer van die kerk. "Julle is die lig vir die wêreld". "Julle" is die gemeente (Matt 5:14). "Laat julle lig so voor die mense skyn dat hulle julle goeie werk kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik" (Matt 5:16). Daarom kon Paulus ook sê: "Skyn soos ligte in die wêreld" (Filip 2:15) en "wandel soos kinders van die lig" (Ef 5:8).

Daar is nog meer Skrifbeelde om die gemeente uit te beeld: Die kerk is geroep om "visser van mense" te wees, soos Petrus en Andreas dit uit die mond van Jesus verneem het (Matt 4:19). Dit is 'n insiggewende beskrywing van die aard van dienswerk van die kerk (Mark 1:17). Dit verg inspanning, geduld en sweet om die vis in die net te kry en uit te bring. Visvangs is ook in die Ou Testament 'n beeld van die dienswerk van mense wat deur God gestuur is om sy werk te verrig (Jer 16:16; Eseg 47:10). Die gemeente in sy gehéél is hierby betrokke. Verder is daar die beeld van die ark. As dit waar is dat die kerk 'n "ark" is, dan is dit óók die roeping van die gemeente om elk afsonderlik en saam met die ampsdraers van die kerk *diegenes wat in gevaar verkeer, in te bring na die hawe van veiligheid.* In hierdie "ark" moet die armes, verminktes, bedroefdes, eensames en verdwaaldes 'n toevlugsoord kan vind, 'n oord waarin die heil van God selfs op

sigbare en tasbare wyse geïllustreer word. Beeld van die ark, toegepas op die gemeente, vind ons in Matt 24:36-42; Luk 17:26-37; Heb 11:7; 2 Pet 2:5; 1 Pet 3:18-22. Hierdie funksie impliseer offer en opofferende dienswerk van die geméénte.

Hierdie pleidooi, dat die plek en rol van die gemeente in die groot verband van kerklike dienswerk voorrang moet geniet op die agendas van kerklike *herbesinning oor die breë barmhartigheidsdiens,* is 'n noodwendige konsekwensie uit wat ons in voorafgaande gedeeltes uit die Heilige Skrif gevind het. Daar het dit naamlik gegaan oor die feit dat die Heilige Skrif die gemeente telkens weer teken in *dienskneggestalte.* Die kerk, die gemeente, is die "liggaam van Christus" deur wie Hy sy werk voortsit; as uitgeroepene is die gemeente in die wêreld gestel tot dienslewering, "diakonia". Die kerk as die "lig vir die wêreld" dien deur die weerkaatsing van die lig van Christus. As "visser van mense" en "getuie" vir Christus staan die gemeente dienend midde in die wêreld en skuil nooit in wêreld-ontvlugting agter hoë mure nie.

Ons het in die voorafgaande ook gelet op die Skrifgronde van die kerklike leer oor die "gemeenskap van die heiliges" (gelowiges). Dit gaan in hierdie saamwees oor die gemeenskap *van die gelowiges;* dit is die geméénte. Dit is húlle wat as broeders en susters moet ag gee op mekaar, vir mekaar moet bid, met mekaar moet saamleef. Dit is die gemeente wat mekaar moet liefhê, *vir hulle in nood moet uitkyk* en mekaar moet dien. Dit is die gemeente wat met ontferming vervul moet wees, vriendelikheid en gasvryheid moet beoefen. Dit lyk dus vir ons volkome legitiem dat in ons reformatoriese besinning oor die breë spektrum van die diens van die barmhartigheid, ons kan meedoen aan wat in ander kerke gebeur, naamlik om tot klaarheid te probeer kom oor die funksie van daardie groot menigte, die gemeente, wat elke Sondag met 'n seënbede vanuit die kerk die wêreld ingestuur word. Wat gebéúr daar gedurende die week? Begin die ere-*diens* van die gemeente in die wêreld nie juis ná die *erediens* in die kerkgebou nie? *Dan kom die mens in sy duisend node mos op die pad van élke hoorder van die Woord!*

3.2.3.3 *Ons pleit vir 'n verskerpte bewoënheid in die amptelike diens van predikante, ouderlinge en diakens as geroepe dienaars en dienaresse van Jesus Christus*

Dit is gebruiklik dat ons die werk van die predikant fundeer in die *profetiese* amp van Christus, die ouderlingswerk in die *koninklike* regeeramp van Christus, terwyl die diakenswerk te staan kom onder die *priesterlike* amp van die Heer van die kerk. Die weerkaatsing van die dienswerk van Jesus Christus word op hierdie wyse as 't ware in sy geheel uitgestraal na die wêreld toe, *na die mens in ál sy nood.* Dit is egter óók so dat al die ampsdraers in die "besondere dienste", dit wil sê predikante, ouderlinge en diakens deur die Heilige Skrif almal gewoonweg as *"dienaars"* van die groot Ampsdraer geteken word (Kol 1:7; 1 Tim 1:12); as *"slawe"* (douloi) van Christus (Rom 1:1; Gal 1:10; 2 Pet 1:1); 'n al te reglynige skeiding van hulle dienswerk verval al dadelik in die praktyk van ons daaglikse kerkwerk. Daar is dit tog so dat predikante en ouderlinge óók met *priesterlike* ontferming die siekes en *álle wankelmoediges* moet steun, ook hierdie mense in hul uiterste kwellinge. Nie slegs diakens nie! Predikante en diakens het óók deel aan die *koninklike* regeerwerk van die kerk en nie slegs ouderlinge nie. Dit is verder so dat ouderlinge en diakens tydens huisbesoek (sekerlik óók in hulle gewone alledaagse werkkring) geroepe is om dáár waar hulle hierdie mense ontmoet, *profeties* in die lig van die Woord getuienis te lewer van die liefde van Christus vir hulle. Nie slégs predikante nie! By name word byvoorbeeld die diaken reeds ten tye van die Reformasie in die *Bevestigingsformulier (1586)* gemaan om nie slegs "met uiterlike gawes nie maar *ook met gepaste trooswoorde uit die Woord van God aan die armes én ellendiges hulp (te) verleen".* Dit moet daarom in die kerk duidelik gestel word dat óók die diaken se dienswerk profetiese én koninklike trekke moet vertoon, náás en behalwe die sterk priesterlike aksent van die beoefening van barmhartigheid in die mees konkrete en tasbare sin van die woord. Onderskeiding in die ampte beteken beslis nie waterdigte skeiding nie. Dit is één "diakonia" van Christus wat slegs onder-

skei word met behoud van raakvlakke soos drie konsentriese sirkels wat mekaar sny.

Al drie "soorte" ampsdraers gaan dus hierdie mens in nood êrens by tye ontmoet, hierdie mens wat miskien nog in die eerste stadium van depressie verkeer en dus deur hulle gehelp kán word. Vind hulle egter dat die depressie akuut word en telkens weer in 'n erger graad terugkeer, moet hulle so 'n persoon baie ernstig opneem en hom/haar nie vermy nie. *Deskundige hulp is dan dringend nodig.*

Hierdie mens is in groot nood en aan hom/haar moet barmhartigheid bewys word. K Dijk het dit nodig geag om reeds dertig jaar gelede te waarsku teen 'n tendens wat hy veral in die Anglikaanse Kerke waargeneem het, naamlik die neiging om barmhartigheidsdiens af te water tot die betoning van "liefdadigheid" in die vorm van verskaffing van kos, klere en huisvesting aan die armes. Barmhartigheidsdiens (ministerium *misericordiae)* moet nie *eensydig* klem lê op daardie mededoë wat betoon word in die verskaffing van materiële goedere aan armes nie. Die Woord van God spreek van barmhartigheid óók in 'n ander sin: "Barmhartig en genadig is die Hére, lankmoedig en vol liefde. Hy sal ons *ons sonde nie bly toereken* en nie vir ewig toornig bly nie (Ps 103:8,9). In die teksverband is dit duidelik dat God sy barmhartigheid aan *sondaars* bewys, aan mense wat in sóndenood verkeer om hulle dááruit te verlos (Vergelyk Eks 34:6; Num 14:18). Dat God sy barmhartigheid bewys aan duisende van die wat hom liefhet en sy gebooie onderhou, is iets wat die gemeente telkens opnuut in die erediens hoor; die Wet is tegelyk ook evangelie (vergelyk ook Neh 9:17; Ps 86:15; 145:8). *God se barmhartigheid is gerig op die héle mens,* op beide sy geestelike én liggaamlike behoeftes. Van brood alleen kan die mens nie lewe nie, maar wel van elke woord wat uit die mond van God uitgaan. Die kerklike ampsdraers het in die persoon daar voor hulle dalk iemand wat op pad is na 'n verkeerde daad. *Die diepste nood van hierdie mens is egter die nood van die sonde.* Hierdie mens moet verlos word uit sy/haar sonde. Daar is net een Verlosser, Jesus Christus.

In opregte pastorale bewoënheid moet hierdie mens na Christus toe gelei word.

Ons kan dit ook anders stel: Hierdie mens moet deur álle ampsdraers van die kerk, in besonder deur die predikante, maar ook deur die ouderlinge en diakens, gedring deur die liefde van Christus, gebring word by Hom wat nie slegs in liggaamlike nood wil help nie, maar ook begaan is oor die héle mens, liggaam en siel. Aan hierdie mens in sy/haar uiterste nood, wil die Vader die brood van die lewe gee, dit is sy geliefde Seun. Die kerk stel die vaderlike sorg van God soos volg in die *Wisselformulier om die heilige nagmaal te hou:* "Die Here God het, tot onderhoud van ons liggaamlike en aardse lewe, gewone brood aan ons gegee.... Net so het die Here God, tot onderhoud van die geestelike en hemelse lewe, wat die gelowiges ontvang het, aan hulle 'n lewende brood, dit is Jesus Christus wat uit die hemel neerdaal, gestuur". Die *Formulier* verwys hier na Johannes 6. Die skare wou Jesus "met geweld" koning maak, 'n koning wat kan bróód maak. Hy het hierop reageer en vir hulle gesê: "Julle soek My, nie omdat julle die wondertekens gesien het nie, maar omdat julle van die brood geëet en versadig geword het. Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat nie vergaan nie en wat ewige lewe gee. *Dit sal die Seun van die mens vir julle gee, want God die Vader het Hom die mag daartoe verleen.... Die brood wat God gee is Hy wat uit die hemel kom en aan die wêreld die lewe gee.... Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom sal nooit honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie"* (Joh 6:26,27,33,35). Ja seker, Christus het ons geleer om te bid óók vir ons daaglikse brood, maar dit het hy geleer eers nádat die Náám van God, sý koninkryk en sý wil vooropgestel is. Vir die mens wat vasgevang is in die sorge van die lewe, sê Christus: "Nee, beywer julle alleréérs vir die koninkryk van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee" (Matt 6:31-33).

Die vraag is nou: Op watter wýse (hoe?) sal die ampsdraer sy werk doen? Paulus sê: "Nou wys ek julle 'n weg wat nog die allerbeste is: Al praat ek die tale van mense en engele, maar *ek*

het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal en 'n galmende simbaal geword. . . ." (1 Kor 13). Die kerklike ampswerk sal sonder hierdie suiwere liefde (agapē) so koud en so hard wees soos die stuk metaal wat Paulus in gedagte gehad het. In so 'n kerk sit die mense langs mekaar soos in 'n publieke bus; die een het met die lief en die leed van die ander niks te doen nie. Jy groet nie eens die een langs jou nie. En die ampsdraers gaan daar ongeërg hulle werk doen, sonder dat hulle wérklik begaan is oor élkeen wat aan hulle toevertrou is, miskien uit blote sogenaamde "pligsbesef".

Die *in-diens-neming* van die mens (in hierdie geval die ampsdraer) deur God, getuig van God se loutere genade, guns, goedheid in sy keuse om juis só te werk deur die mens te wil gebruik in sy diens teenoor ander mense. Dit is hier waar die kerklike ampswerk na vore tree. Dit is van die grootste belang om hier in te sien dat God die mens nie slegs wil verlos nie, maar ook wil gebruik; dat *diens* implisiet in *geloof* opgesluit lê (Paulus en Jakobus). Geloof sonder werke is dood, maar werke sonder geloof is morsdood. Geloof sluit God se in-diens-neming in. *Wie geroep word, word geroep om te gaan dien,* soos roeping die verkryging van 'n béroep veronderstel. Die ampsdraers se diens vloei voort uit die roeping van die God wat in sy onuitspreeklike liefde die onvergelyklike diens van die versoening in Christus Jesus ook deur die diens van die Heilige Gees, vir hulle só 'n werklikheid maak dat hulle dáágliks wil lewe in die geloof. Hulle verstaan Paulus se skrywe nou beter wanneer hy sê: "Daarom liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die wérk van die Hére, omdat julle weet dat julle inspanning in diéns van die Hére nie tevergeefs is nie."

Die ingaan van die heil van God in sy wêreld word weergegee in 'n verskeidenheid van beelde, ook beelde wat *diens* veronderstel. God se wérk gaan voort deur te "saai" en te "plant". Dit is egter Hý wat "laat groei". Daar word "vrugte voortgebring" en "geoes". Daar word "losgekoop" en "betaal" deur Christus. Christus as die Hoof gee aan sy "liggaam", die kerk, sekere dienswerk. *Sy diens gaan voort deur middel van sy ge-*

meente. Dit is juis die wonder dat God verkies dat sy werk langs hierdie "ompad" gedoen moet word. Hy kon en kan dit ook direk doen met uitsluiting van die mens. Die kerk word egter tot die middel of instrument in die diens van God verhef, 'n verheffing waaroor die kerk geen eie roem daarop kan nahou nie. Deur middel van die dienswerk van die kerk as sy "liggaam", wil Christus sy heerskappy oor die hele wêreld laat verkondig (Kol 2:10; Ef 1:10), omdat alle dinge deur Hom en tot Hom geskape is (Kol 1:15,16). Die kerk kan dus nooit sy hande vou om uit te rus nie. Hy vou slegs sy hande as biddende kerk. *Dan moet die ampsdraers van die kerk daadwerklik die gevoude hande uitsteek, ook na hulle in hulle afgryslike nood en paniese angs, na hulle wat nie meer wil leef nie, wat die dood bo die lewe verkies.* Aan hulle moet gerealiseer word dat Christus Jesus hulle "losgekoop" en vir hulle "betaal" het. In die mens in sy uiterste nood sal die ampsdraer ten diepste Jesus Christus as sy Broeder erken; verskyn ook ander mense as broeders en susters in Christus. Daar kan nie meer 'n ompad geloop word, soos die priester en Leviet gedoen het nie!

3.2.3.4 *Kerklike gespesialiseerde "verwysingsdienste" as hulpdiens vir die pastoraat*

Die vraag wat teen hierdie tyd dringend na vore kom, mag miskien so lui: Opregte bewoënheid ter wille van Christus mag sekerlik veronderstel word by die ampsdraers van die kerk, indien hulle oortuig is dat hulle "wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self tot hierdie heilige diens geroep is", maar hoe op aarde sal die diaken, ouderling en predikant tog weet wanneer iemand byvoorbeeld reeds die tweede graad van depressiwiteit bereik het en krisisingryping noodsaaklik geword het? Geen een van die drie is 'n psigoloog, dokter of kenner van patologiese toestande nie, hoogs waarskynlik nie. Nog nooit het een van hulle gehoor van die bestaan van 'n sogenaamde "gevaarskaal" waarvolgens kliniese psigoloë en psigiaters probeer bepaal hoe ver die persoon op die afdraande pad na die

laaste en finale voltrekking van 'n reeds beplande daad, hom/haar bevind nie. Dit is net nie moontlik vir onopgeleide mense om selfs te praat oor byvoorbeeld "die vasstelling van die graad van voorneme" tot so 'n daad nie. *Wat sê die kerk oor hierdie lewensbelangrike vraag?* Wat kán daar in so 'n situasie gedoen word?

Gelukkig het enkele kerke die afgelope jare ook ver gevorder op die pad van "spesialisasie" (miskien 'n onkerklike woord) om hier dáádwerklik hulp aan te bied. Dáárheen moet die persoon "verwys" word deur die predikant of konsulent. (Terloops, die aard van sulke gevalle moet altyd as hoogs vertroulik deur die predikant en die wykskerkraad gehanteer word; geen mens sal daarvan hou dat andere hulle privaatsake, hulle intieme lewe gaan loop en bespreek met wie ook al nie. Ons wil laasgenoemde opmerking baie sterk beklemtoon). Soos wat 'n dokter 'n pasiënt na 'n spesialis verwys, só "verwys" die predikant of konsulent 'n broeder, suster of kind na sy kerk se betrokke diens-instansie in hierdie verband. Ons is wel bewus van die feit dat hierdie "verwysing" nie altyd in die praktyk so maklik verloop nie. Dit is reeds vasgestel dat slegs ongeveer een-derde van hierdie mense besef dat hulle werklik gespesialiseerde hulp nodig het. Hierdie groep sal dus nie oorreed hoef te word om te gaan nie. Die oorgrote meerderheid egter, sal waarskynlik, omdat hulle die erns van hulle toestand nie besef nie, beswaard voel teen so 'n voorstel. Die predikant is seker die aangewese persoon om so 'n mens te oorreed, al kan hy hom/haar dan nie oortuig nie. Die predikant sal desnoods ook die hulp van nabye familie nodig hê en/of die bystand van die huisdokter. Dit is egter 'n kwessie van lewe of dood en die persoon "moet" eintlik gaan.

3.2.3.5 *Die "Pastorale Verwysingsdiens" van die Ned Herv Kerk*

Dat die kerk gebruik maak van gespesialiseerde dienste van ander wetenskappe, is geen nuus nie. Om 'n kerk te bou, gaan 'n mens na 'n kosteberekenaar en argitek. Orrelbou en orrelspel verg dienste van professionele mense. Die kerk betrek al baie jare gekwalifiseerde werksters in sy barmhartigheidsdiens, die

diakonaat van die kerk. Nou het daar in die kerk die afgelope jare gaandeweg 'n groot behoefte aan 'n gespesialiseerde hulpdiens vir die pastoraat ontstaan, net soos die Ondersteuningsraad (NG Kerk het die CMR) 'n onmisbare hulpdiens vir die diakonaat is.

As hulpdiens vir die pastoraat (vir die predikante in besonder) is die "Pastorale Verwysingsdiens" deur die Algemene Kerkvergadering in die lewe geroep. Die predikante ontvang in die Teologiese Fakulteit 'n grondige skoling met die oog op die uitleg van die Heilige Skrif. 'n Predikant word egter nie as sielkundige deur die Teologiese Fakulteit opgelei nie; dit is buitendien ook nie moontlik nie. Weldra kry die predikant, saam met sy ouderlinge en diakens, in die gemeentelike pastoraat te doen met besonder ingewikkelde ménsprobleme. Daar is byvoorbeeld baie huweliksprobleme waarvan die oorsake dieper lê as wat oënskynlik die geval blyk te wees. Daar is verder die geweldige spanningsituasies waarin talle mense beland in hierdie tyd waarin die lewe elke dag meer en meer gejaagd word en steeds hoër eise stel. Die gejaagdheid kweek neurote by die uur. Wanneer die vrag vir 'n mens te swaar word, kán neurose oorgaan in psigose. Depressie in die eerste graad word naderhand manies; so 'n persoon verloor kontak met die werklikheid om hom/haar *en moet dadelik gehelp word.* Die woord van die predikant kan tot hierdie mens nie meer deurdring nie; die boodskap van die evangelie word geblokkeer. 'n Kliniese psigoloog, desnoods (as sake ver gevorder het) 'n psigiater se hulp moet dringend ingeroep word.

Die kerk het vir hierdie "buitengewone gevalle" 'n liggaam daargestel waarheen die predikant hierdie mens kan verwys. Die predikant van wie verwag word dat hy sy lewe lank sal studeer, moet wel genoeg kennis hê om hierdie gekompliseerde gevalle uit te ken en dadelik daarvan werk te maak deur hulle te verwys vir dringende gespesialiseerde aandag. Hy kan self nie psigoterapeutiese tegnieke aanwend om byvoorbeeld 'n lidmaat wat onder die lewensvrag geswig het, deur in amnesia (geheueverlies) "in te vlug", te probeer help nie. Selfs al dra hy ook kennis van hierdie tegnieke, soos byvoorbeeld hipnoterapie, is dit nie gerade dat hy

psigoterapeut sal spéél nie. Hy is bedienaar van die Woord en sy enigste "tegniek" is 'n Woordgebonde pastorale gesprek. *Wanneer 'n persoon egter byvoorbeeld in 'n toestand van maniese depressie verkeer, 'n toestand wat die voorportaal van selfmoord genoem kan word, is daar geen tyd te verspeel nie.*

Die "Pastorale Verwysingsdiens" van die Ned Herv Kerk maak gebruik van psigiaters, indien nodig. In uiterste gevalle moet 'n persoon gehospitaliseer word om psigiatriese aandag te ontvang. Hiervoor is die "Pastorale Verwysingsdiens" egter nie toegerus nie. Dit wil buitendien ook nie self 'n kliniek of hospitaal wees nie. Op sy beurt verwys hierdie diens, indien nodig, mense na so 'n kliniek. Die kerk is egter daarop gesteld, en daarvoor sal die "Verwysingsdiens" ook sorg, dat die lidmate in laasgenoemde gevalle na psigiaters verwys sal word vir wie die Christelike geloof erns is; psigiaters wat hierdie lidmate as pasiënte nie in 'n "lugleegte" sal laat nie, maar op hulle beurt sal heenwys na die waarde van die geloof in Jesus Christus.

Te oordeel uit die jongste verslag van die "Pastorale Verwysingsdiens", wat slegs op 'n deeltydse basis deur prof dr SJ Prins behartig word, bygestaan deur 'n psigiater op 'n sessie-basis, is daar oor 'n tydperk van ses maande 296 afsprake nagekom. (1 Januarie tot 30 Junie 1982). Skrywer hiervan dra nie kennis van hoeveel van hierdie "dringende gevalle" heenwys na dreigende selfmoordgevalle nie. Dat hulle dáár is, weet ek verseker. Die behoefte aan 'n dringende nood in die kerk is hier geïdentifiseer en 'n voltydse direkteur word nou dringend nodig.

Ons wil hier nog twee opmerkings byvoeg:

EERSTENS: Tussen hierdie "Verwysingsdiens" en die predikant wat die persoon verwys het, bestaan daar gedurende die hantering van die saak voortdurende noue kontak. Dit is immers 'n kérklike diens. Die predikant word op hoogte gehou, omdat pastorale sorg ook vóórtgaande sorg impliseer totdat so 'n persoon homself weer gevind het.

TWEEDENS: Indien nodig, word daar ook geskakel tussen die "Verwysingsdiens" en die kerk se Ondersteuningsraad. Laasgenoemde is 'n geregistreerde welsynsorganisasie met 'n hele aantal gekwalifiseerde sosiale werksters in diens van die raad. Dit kan ook gebeur dat juis hierdie werksters uit die aard van hulle werk mense vind wat hulle op die pad van dreigende selfmoord bevind. In samewerking en met medewete van die plaaslike predikant word dan dadelik werk gemaak om sulke gevalle na die "Verwysingsdiens" te verwys.

DUS: Met die samewerking van die predikant, ouderling, diaken, "Pastorale Verwysingsdiens" en Ondersteuningsraad word hier werklik spánwerk gedoen. Sou dit nie alles grootliks verlig kan word as elke gelowige kragtens sy/haar Christenskap 'n oop oog en oor en hart het om afsonderlik en as geméénte te help om mekaar se laste te dra nie?

3.2.3.6 *Die NG Kerk en die Gereformeerde Kerk*

Ons het navraag gedoen na die funksionering van die "Pastorale Sentrum" van die *NG Kerk*. In hierdie verband het die pastorale psigoloog van die Sentrum in Johannesburg, ds Carel Lombaard, op 20 Oktober 1982 soos volg aan ons geskrywe:

"(a) *Personeel*
Die benadering en werkswyse hier:

(i) *Sielkundige dienste*
Die sielkundige dienste word deur 'n voltydse kliniese sielkundige, wat ook 'n predikant is, gelewer. Hy organiseer ook al hierdie dienste en is verantwoordelik vir die bestuur en beheer van ons sentrum. U is bewus van die feit dat sielkundiges geregistreer moet wees alvorens hulle selfs in 'n kerk diens kan lewer.

Verder maak ons gebruik van sielkundiges wat op 'n sessiebasis werk. Hulle is nie predikante nie en werk hul eie salaris uit. Op die oomblik werk twee sodanige sielkundiges by die sentrum en twee by die kinderhuise.

Sessies wissel, maar dit kan maklik 2 600 en meer per jaar wees.

Die hele spektrum van patologie word gesien, *maar die meeste van ons pasiënte ly aan depressie.* Huweliksprobleme maak ook 'n groot deel van ons werk uit. Die sielkundiges is verantwoordelik vir diagnose en psigoterapie.

(ii) *Mediese dienste*
Ons verkies om ons eie mediese dienste te lewer. Twee geneeshere is, ook op sessie-basis, aan die sentrum verbonde. Ons het ook reeds 'n breë spektrum van private spesialiste wat belydende Christene is na wie ons pasiënte verwys.

(iii) *Maatskaplike-werk-dienste*
Die sentrum maak gebruik van die dienste van die CMR se maatskaplike werkers en daar is besondere noue kontak in dié verband.

(b) *Direkte kerklike werksaamhede*
Dienste word gelewer aan die predikantekorps in die vorm van voorligting en indiensopleiding.

Praatjies word gehou in verband met belangrike maatskaplike en sielkundige sake.

Die psigologiese aspekte van pleegsorg, aanneming, ensovoorts word deur die sielkundige hanteer.

Hierdie is 'n kort opsomming van die werk. Ek hoop dit sal u 'n idee gee van wat gaande is.

Ons verwysingsbronne is meestal die kerk, maar ons kry baie verwysings van medici en ander professionele instansies."

Hierdie brief spreek vir sigself. Dit is duidelik dat daar in hoofsake ook wat die werkswyse betref, belangrike ooreenkomste bestaan tussen die Hervormde Kerk en NG Kerk. Albei kerke maak uit die aard van die saak gebruik van die hulp van sielkundiges, medici en maatskaplike werkers en verskaf ook voorligting deur middel van praatjies voor sekere groepe.

Die Gereformeerde Kerk

Ons het verneem dat die Gereformeerde Kerk ook pas begin het met vooraf-ondersoek om vas te stel of die tyd nie aangebreek het om georganiseerd in die rigting van só 'n kerklike diens te beweeg nie. Na die ondersoek sal daar na bevinding van sake gehandel word.

Ons voorsien dat daar in die nabye toekoms, veral oor 'n saak soos hierdie, skakeling tussen die kerke sal plaasvind. Die een kan put uit die ander se ervaring. Verblydend is die feit dat die kerke die erns van hierdie situasie raakgesien het en besig is om handelend op te tree. Saam kan ons ook kennis put uit die resultate van die ander sogenaamde "menswetenskappe" soos Psigologie, Psigiatrie, Sosiologie en Opvoedkunde. *Van hierdie kennis kan die kerke op so 'n wyse gebruik maak dat die essensie van die eie aard van die boodskap van die kerk hoegenaamd nie daardeur benadeel hoef te word nie.* Dan bereik die "brief" van die kerk des te sekerder die "leser", die méns, hierdie bepaalde mens in die greep van ons tyd.

4. Bylaag: Selfmoordstatistiek in die RSA (enkele gegewens)

Hierdie syfers is ontvang van die Departement van Statistiek, Pretoria op 27 Oktober 1982.

(a) *Die stygende tendens*

Blankes: (Getal individue)

JAARTAL	*MANS*	*VROUE*
1950	186	58
1960	351	86
1970	387	93
1971	446	123
1972	381	114
1973	452	111
1974	485	104
1975	518	131
1976	504	150
1977	517	139
1978	463	131

Bostaande syfers dek die *jaarlikse* getal *Blanke* selfmoorde. Die van *Kleurlinge* en *Asiërs* toon dieselfde tendens. In 1978 het 108 Kleurlinge (88 mans, 20 vroue) en 43 Asiërs (34 mans en 9 vroue)

die hand aan eie lewe geslaan. Wat die *Swartmense* betref, is ons meegedeel dat dit vir die departement moeilik is om 'n betroubare statistiek op te bou. Die 1978-syfer waaroor die departement wel beskik, staan op 545 (464 mans en 81 vroue).

Die latere syfers (na 1978) is nog nie bekend nie.

Die patroon van 'n hoër syfer by mans as vroue is dadelik opvallend. Die verklaring hiervoor is waarskynlik dat die mans die grootste verantwoordelikheid dra vir die versorging van die huisgesin, finansieel gesproke. Tussen 1970 en 1975 het *vier* mans teenoor elke een vrou die hand aan eie lewe geslaan.

Alhoewel ons nie beskik oor veel vergelykende syfers van Swartmense nie, (slegs 1972) kan dit aanvaar word dat persentasiegewys by die Swartmense minder selfmoorde voorkom as by die Blankes. Stamtradisies asook die hegte solidariteitsgevoel ("broerskap") tussen hierdie mense is belangrike verklarende faktore.

(Ons verneem dat vroueselfmoorde die jongste tyd vinniger toegeneem het as dié van mans).

(b) *Vergelykende syfers per 100 000 (1972)*

1. Hongarye 38,4
2. Tsjeggo-Slowakye 20
3. Finalnd 20
4. Oostenryk 20
5. Swede 20
6. Japan 17
7. Wes-Duitsland 19,9
8. VSA 12,7
9. Kanada 12,7
10. Suid-Afrika (Blankes) 12,4
    (Asiërs) 8,5
    (Kleurlinge) 4,1
    (Swartmense) onbekend; 454 individue in 1972
11. Verenigde Koninkryk 7,7
12. Israel 6,6
13. Mexiko 1,1

14. Filippynse Eilande 1,1
15. Nieu-Guinee 1,1
16. Australiese Woestyngebiede 0

(c) *Opmerkings*

(i) Die syfers van die RSA is slegs beskikbaar tot 1978. Te oordeel aan persberigte, het daar sedert die tagtigerjare 'n merkbare toename plaasgevind, veral by jong kinders.

(ii) Ons vergelykende syfers van die verskillende lande is reeds tien jaar oud. Soos 'n mens van tyd tot tyd verneem, het in die jongste tyd in die Westerse lande ook 'n onrusbarende toename plaasgevind.

Selfmoord is 'n verskynsel wat ons samelewing dikwels tot stilstand roep. Die gevolge daarvan raak mense se lewens, huisgesinne en gemeenskappe intens. Tegelyk word baie vrae oor die oorsake van die verskynsel wat oënskynlik toeneem, gevra. Prof. dr. P.J.T. Koekemoer het 'n indringende studie van die verskynsel gemaak. In hierdie geskrif gee hy daaraan aandag en verwys ook na die Bybelse gegewens in die verband. Hy hanteer sy stof meesterlik en op 'n baie simpatieke wyse.

Kital

SELFMOORD PROF DR P J T KOEKEMOER